

ALGEMENE INLIGTING

PROGRAM

Vir meer volledige programinligting, besoek www.kknk.co.za.

KAARTJIEVERKOPE

Kaartjies is beskikbaar by Computicket, Shoprite / Checkers en House & Home. Besprekings kan aanlyn by www.computicket.com of by 0861 915 8000 gemaak word. Tydens die fees is die kaartjieskantoor in die C.P. Nel-museum geleë, met twee mobiele kaartjieskantore – een in Baron van Reedestraat en een by die De Jager Sportkompleks. Oop vanaf 09:00 tot 17:00.

VERBLYF

Bespreek jou verblyf deur ons verblyfkantoor. Ons besprekingsbeamptes is gereed om jou te help en die beste sakpasverblyf vir jou te bespreek. Daar is verskillende opsies beskikbaar en elkeen is volgens ons Pluimpie-stelsel gegradeer, om te verseker dat jy weet wat om van jou keuse te verwag. Bespreek by verblyf@kunste.org.za of aanlyn vanaf 3 Januarie 2017.

KLASSIFIKASIE

T Taal / Language | **G** Geweld / Violence
S Seks / Sex | **N** Naaktheid / Nudity
V Vooroordeel / Prejudice | **D** Diviniteit / Divinity
OB Ouerbegeleiding / Parental Guidance

KONTAK

KKNK, Derde vloer, Seppie Greeff-gebou
Voortrekkerweg 76, Oudtshoorn
044 203 8600 | info@kunste.org.za
www.kknk.co.za.

KUNSTE ONBEPERK-PRYSE

Pieter-Dirk Uys
Kunste Onbeperk – Kruispunt

Pieter-Dirk Uys word vereer vir sy enorme bydrae as skrywer, satirikus, sosiale aktivis en humanis. Uys vermag die onmoontlike met sy werk in teater en sy invloed strek oor landsgrense heen. Hy is onverskrokke in sy taak om deur sy werk kopskuiwe teweeg te bring. Hy veg vir die reg van vryheid van spraak tot vir bewusmakingsveldtogte oor vigs in skole. Met die Darling Trust en Evita se Perron inspireer hy nie net 'n gemeenskap op Darling nie, maar strek sy hartswerk wêreldwyd.

Jason Jacobs

Kunste Onbeperk – Nuwe Stem

Die teatermaker Jason Jacobs ontvang die prys uit erkenning vir sy unieke stem. As skrywer, regisseur en akteur voeg hy 'n dinamiese en belangrike nuwe stem by tot die Suid-Afrikaanse teaterbedryf. Jacobs is 'n stem wat gehoor en na geluister moet word.

TONEEL

ASEM

DEBUUT Drama

'n NATi / Feesteforum-produksie

Met Antoinette Kellermann, Tinarie van Wyk Loots, Stian Bam en Edwin van der Walt **Regie, ontwerp en vertaling:** Marthinus Basson **Teks:** Reza de Wet **Oorspronklike werk:** *Breathing In* **Beligtingsontwerp, produksie- en verhoogbestuurder:** Chris Pienaar **Assistentverhoogbestuurder:** Rynhardt van Blerk **Vervaardiger:** Kunste Onbeperk
Een donker, stormagtige aand gedurende die laaste bitter dae van die Suid-Afrikaanse oorlog, in 'n uitgebrande skuur van 'n plaas lê 'n gewonde Boeregeneraal wat versorg word deur Anna, 'n kruidokter van uitsonderlike magte. Haar aantreklike, maar bloedlose dogter, Annie, is ook besig om te veg vir haar lewe, maar het veel meer nodig as haar ma se konkoksies. Die generaal se dapper en getroue adjutant, gebrei deur die slagveld en die afgrise van oorlog, staan nou voor

'n verskriklike keuse en 'n nuwe onnoembare gevaar. In 'n wêreld waar mans, in die naam van patriotisme lewens en landskappe vernietig, moet vroue meer subtile en misterieuse metodes ontwikkel om te oorleef. De Wet verweef digterlik en kragtig 'n verhaal van liefde in 'n tyd van vernietiging, wat die alledaagse omskep in die uitsonderlike. Reza de Wet is vyf jaar gelede op 27 Januarie 2012 oorlede. Hierdie is 'n huldigungsproduksie aan een van Suid-Afrika se belangrikste en mees invloedryke toneelskrywers. *Gratis gesprek met die geselskap ná die vertoning op 12 April 12:15.*

Afrikaans • Geen o/14 G S N

R140 | 120 min. | SANW-ouditorium

8 April 19:00; 9 April 10:00; 10 April 14:30;
11 April 19:30; 12 April 10:00; 14 April 14:30;
15 April 14:30

BEURTKRAG

Drama

Met Ivan Botha en Donnalee Roberts

Vervaardiger: Artist Warehouse CC

Wanneer Jasper en Fransie vir die eerste keer saam intrek, tref beurtkrag hulle. Wat veronderstel was om die perfekte onthou-dag te wees, onttaard in 'n aand waarin hul verhouding se bagasie oopgekrak en uitgepak word. Hulle word gedwing om na die donkerste plek van hulle verlede te gaan. Die oënskynlike perfekte verhouding word skielik onder 'n vergrootglas geplaas en vat vlam. Is die vuurtjie knus en koesterend of uiteindelik die verhouding se verwoesting? Wat gebeur wanneer die deur na die buitewêreld toegemaak word en ons vir 'n oomblik mekaar opreg en ten volle moet beleef? Het die een wat die minste omgee dalk die meeste mag? *Beurtkrag* is 'n verhoudingsdrama wat al die bagasie van verhoudings uitpak en fokus op die kwesbaarheid van geliefdes.

Afrikaans • Geen o/12 T

R120 | 60 min. | Hoërskoolsaal

9 April 19:30; 10 April 09:00; 11 April 19:30;
12 April 17:00; 13 April 13:00; 14 April 09:00;
15 April 19:30

BUITE LAND

DEBUUT Drama

'n NATi / Feesteforum-produksie in samewerking met die National Arts Festival

Met Elize Cawood, Jacques Bessenger, Kopano Maroga, Ntombi Gasa, Mpume Mthombeni en Marvin-Lee Beukes **Regie, teks en ontwerp:** Neil Coppen **Vertaling:** Amy Jephtha **Oorspronklike titel:** *NewFoundLand* **Stelontwerp:** Neil Coppen en Vaughn Sadie **Kostuumontwerp:** Jemma Kahn **Klankontwerp:** Tristan Horton **Beligtingsontwerp:** Tina le Roux **Produksie- en verhoogbestuurder:** Sone Theron **Vervaardiger:** Kunste Onbeperk

Buite Land is die nuutste drama deur die multibekroonde teatermaker en skrywer Neil Coppen. Die teks is oorspronklik ontwikkel in vennootskap met die Markteaterstigting en die Royal Court in Londen. Dit fokus op die verstrengelde lewens en drome van twee Suid-Afrikaanse mans. Jacques is 'n Afrikaanse narkotiseur en werk in 'n gemeenskapshospitaal in Pietermaritzburg. Sizwe is 'n Zoeloesprekende choreograaf en student aan die Universiteit van KwaZulu-Natal, wat 'n roeping (*ukuthwasa*) om 'n sangoma te word van sy voorvaders ontvang. Albei mans het in konserwatiewe gemeenskappe grootgeword en probeer om 'n bestaan te maak, weg van die kulturele, historiese en geloofsbande wat hulle tot hul verlede bind. Jacques en Sizwe ontmoet vir vlugtige seks, maar wat as 'n vlietende ontmoeting beplan is, verander in 'n diepsinnige reis na 'n gedeelde bewustheid en 'n verkenning van onsigbare bande wat tussen godsdiens en wetenskap, medisyne en geloof en onthou en vergeet bestaan. *Gratis gesprek met die geselskap ná die vertoning op 13 April 16:15.*

Afrikaans, Zoeloe en Engels

Geen o/16 T S G V

R130 | 90 min. | Johnny Bisschoff-saal

8 April 19:30; 9 April 09:30; 10 April 14:30;
11 April 19:30; 13 April 14:30; 14 April 09:30;
15 April 09:30

DIE MAAN VAL BEWUSTELOOS**Fisiese teater***Aangebied deur ATKV-Tienertoneel*

Met Nancia Dorland, Marté Roux, Mia du Toit, Nicholas van Huysteen, Adele van Doorn, Melnisha Arnolds, Lara Naudé, Hanno Janse van Vuuren en Cyle Smit **Teks en regie:** Nico Scheepers **Verhoogbestuurder:** Adele van Doorn **Klank- en beligtingsoperateur:** Franco Rossouw

In 'n nederige huisie net buite Worcester word 'n babadogtertjie aan Oupa en Ouma toevertrou. Sy word groot in 'n huis vol stories en horlosies. In hierdie huis leer sy hartseer ken, maar sy leer ook wat ware liefde is. *Die maan val bewusteloos* is 'n eerlike storie wat die hartsnare roer. Hoërskool Jan van Riebeeck is die naaswenner van die 52ste ATKV-Tienertoneelkompetisie in 2016 en dié produksie is ook beloon met die prys vir beste algehele tegniese aspekte.

Afrikaans • Gesin**R90 | 45 min. | Griesselsaal****14 April 12:00; 15 April 09:00****DIE REUK VAN APPELS****DEBUUT Drama**

Met Gideon Lombard **Regie:** Lara Bye **Teks:** Verwerking van Mark Behr se gelyknamige roman **Verwerking:** Johann Smith **Klankontwerp:** Gideon Lombard en Rudi Sadler **Beligtingsontwerp:** Kosie Smit **Produksiehuus:** Theatrerocket Productions

Die lewe is snaaks, mooi, kosbaar, onverstaanbaar en vreeslik. Dit is die somer van 1973. Apartheid floreer, Eddie Barlow se krieketspan is besig om die Engelse op Nuweland op te dons, die Amerikaners begin noustrop trek teen die kommuniste in Viëtnam en in die Kaap is die elfjarige Marnus besig om te leer wat menswees en manwees beteken. 'n Skokkende ontdekking breek deur die oppervlak van die alledaagse om alles onherroeplik te verander. Vanaf daardie beslissende oomblik sal die reuk van appels bly kleef aan alles wat Marnus raak. Gebaseer op Mark Behr se veelbekroonde roman wat beskryf word as 'n baken in die Afrikaanse letterkunde.

Afrikaans • Geen o/16 G S V T N**R110 | 90 min. | Griesselsaal****10 April 09:00; 11 April 18:30; 12 April 09:00;****13 April 18:30; 14 April 18:30; 15 April 15:00****DIE VROU UIT DIE SEE****Drama***'n NATi / Feesteforum-produksie*

Met Jana Strydom, Neels van Jaarsveld, Erik Holm, Kaz McFadden, Amalia Uys, Theodore Jantjies, Gavin van den Berg en Natasha Dryden **Regie en klankontwerp:** Henry Mylne **Teks:** Henrik Ibsen **Vertaling:** Hugo Taljaard **Kostuum- en beligtingsontwerp:** Wilhelm Disbergen

Die aangrypende liefdesverhaal van Ellida wat met dr. Wangel getroud is. Ellida bewaar 'n geheim – sy het eens deur die see ewige trou aan 'n matroos beloof en kan die vreemdeling nie vergeet nie. Dan daag hy onverwags op. Wat ontvou, is 'n pragtige liefdesverhaal vol intriges. Voeg daarby die heldin Ellida se obsessie met die see en die tafel is gedek vir 'n kragtoer en 'n visuele skouspel wat jou sal meevoer tot die einde.

Afrikaans • OB**R130 | 105 min. | Johnny Bisschoff-saal****12 April 14:30; 13 April 10:00; 14 April 14:30;****15 April 14:30****FRAGMENT****Drama***Aangebied deur ATKV-Tienertoneel*

Met Nienke Geldenhuys, Trompie Booysen, Ludick Bezuidenhout, Alexa le Roux, Cailin Aylward, Izelle Viljoen, Maja Smith, Andrew de Jager, Landolph Schütz, Marlenke Scholtz, Mieke Verster, Stefan Brundyn, Mieke Fabel en 'n 18-stuk-koor **Teks:** André Gerber **Regie:** Jan Burger en Amelia van Wyk **Verhoogbestuurder:** Nicolene Potgieter **Klankoperateur:** Christo Erasmus **Beligtingsoperateur:** Ruan Potgieter **Choreografie:** Jan Burger, Amelia van Wyk en Gabriella Bishop

'n Volkswagen Caddy word op 'n klein dorpie deur 'n bom verwoes. Twee tieners wat in die voertuig was, sterf. Niemand weet wie die bom geplant het,

of waarom nie. Die onsekerheid en vrees lei tot spanning, forseer onderdrukte vooroordele na die oppervlak en veroorsaak suurdeeg in elke verhouding. Soos die skokgolwe al wyer uitkring, breek dit deur die vernis van oënskynlike vreedzaamheid en ontbloot 'n gemeenskaplike vol gefragmenteerde verhoudings. *Fragment*, deur Hoërskool Durbanville, is in 2016 as die wenner van die 52ste ATKV-Tienertoneelkompetisie aangewys. *Fragment* ontvang ook die prys vir beste regie, beste ensemblewerk, beste aktrise in 'n hoofrol, beste aktrise in 'n ondersteunende rol en beste beligtingsoperateur.

Afrikaans • OB T V S**R90 | 45 min. | Griesselsaal****14 April 09:00; 15 April 12:00****GEHEIME TAAL****DEBUUT Drama****Met** Lizz Meiring **Regie:** Lizz Meiring**Vervaardiger:** Artist Warehouse CC

Freda is 'n oujongnooi-bloemiste van 50-plus met 'n klein besigheid. 'n Muwwerige klein perseel waar tyd stilgestaan het. Dit sien mens ook in haar keuse van blomme en haar rangskikkingstyl. Sy verkies om slegs bestellings via die internet en foon te hanteer. Nie juis 'n mense-mens nie. Inderwaarheid is sy bleddie ongeskik, maar 'n amusante bitterbek met 'n skerp tong. 'n Vrou wat sommer hardop sê wat ander te ordentlik is om te uiter. Maar daar is een duidelike en verskuilde rede vir haar agterdog jeens en afkeer van die mensdom, want ander verstaan nie haar geheime taal nie – die enigste taal wat vir haar sin maak, die enigste kommunikasie waarin sy veilig voel. Dié taal is die geheime taal van blomme.

Afrikaans • Geen o/14 T**R125 | 60 min. | Laerskool Van Reedesaal****8 April 17:00; 9 April 13:00; 10 April 13:00;****11 April 09:00; 12 April 20:00; 13 April 17:00;****14 April 20:00****HOND****Drama**

Met Frank Opperman **Teks:** Dana Snyman **Regie:** Gerrit Schoonhoven **Produksiehuus:** Let's Be Frank Productions

'n Hond is 'n man se beste vriend, veral wanneer daardie man se huwelik maar wankelig is en dit beslis nie sy vrou is wat hom by wyse van spreke stertswaaiend by die huis inwag nie. Maar wat gebeur as die hond besig is om oud en siek te word? Moet hy uitgesit word en net so belangrik, wanneer presies? Hoe neem 'n man afskeid van sy beste vriend? Dié stuk is 'n bietjie hartseer en 'n bietjie snaaks, nes die lewe self. *Hond* is spesiaal deur Dana Snyman vir die Fiësta-bekroonde Frank Opperman geskryf en beloof soos *Die uwe*, *Pottie Potgieter*, *Rooikaart* en *Die klaagliedere van ds. Tienie Benade* teater uit die boonste rakke.

Afrikaans • Geen o/13 T**R125 | 65 min. | Laerskool Van Reedesaal****12 April 09:00; 13 April 13:00; 14 April 13:00;****15 April 13:00****IN WAG VAN****Drama**

Met Gantane Kusch, Courtney Smith, Gershwin Mias en Vathiswa Nodlayiya **Teks, regie en ontwerp:** Jason Jacobs **Beligtingsontwerp:** Bamanye Yeko **Produksiehuus:** KleiSand Teater in samewerking met Theatre Arts Admin Collective

'n Vrou se seun sterf op onverklaarbare wyse en sy word vervreem van die res van die dorpenaars. Sy rou oor haar seun en omdat sy haar vertrouwe in haar gemeenskap verloor het. Hulle glo dat die maan elke keer 'n kind moet insluk om vol te word. Toegewyde geloof kom trompop te staan teen die vrees vir die dood. Jason Jacobs het 'n Theatre Arts Admin Collective-beurs vir regie met dié stuk gewen. Gratis gesprek met Jason Jacobs en geselskap ná vertoning: 10 April 15:00.

Afrikaans • Geen o/13 OB**R100 | 50 min. | Laerskool Wesbanksaal****8 April 11:30; 9 April 14:00; 10 April 14:00;****13 April 09:00; 14 April 09:00; 15 April 11:30**

KALAHARI SWAAN**Drama**

Met Gershwin Mias, Kaylin Coetzee, Dustin Beck en Nina Callaghan **Teks, regie en ontwerp:** Jason Jacobs **Beligtingsontwerp:** Bamanye Yeko **Produksiehuis:** KleiSand Teater *Kalahari swaan* is geïnspireer deur Tsjaikowski se *Swanemeer* en volg die prins se stryd om vryheid. 'n Jong mynwerker droom oor 'n beter lewe vir hom, sy ouma en sy gestremde suster. Die maan van sowel lig en donkerte lei hom op 'n pad van vryheid, maar teen 'n prys. Met poësie en dans besoek *Kalahari swaan* verskeie magiese ruimtes wat by ons samelewing spook.

Afrikaans • Geen o/13 OB**R100 | 50 min. | Laerskool Wesbanksaal****9 April 09:00; 10 April 09:00; 11 April 09:00; 12 April 11:30****KAROO MOOSE****Drama**

Originally developed with support from Absa and Aardklop

With Zoleka Helesi, Mdu Kweyama, Bongile Mantsai, Thami Mbongo, Mfundo Tshazibane and Chuma Sopotela **Text and director:** Lara Foot **Choreography:** Mdu Kweyama **Music:** Bongile Mantsai **Producer:** Baxter Theatre Since its world premiere in 2007, Lara Foot's *Karoo Moose* at last finds its way to the Klein Karoo, having scooped 15 major South African theatre awards and having received high praise from the local press and some of England's most revered and feared theatre critics, when it was performed at the Tricycle in London. Performed in English with Xhosa, the story takes place in a remote and impoverished village in the Karoo, where the inhabitants are struggling to survive. A young girl called Thozama ends up killing a moose. But what is the moose doing there and how did it get there? In her play Foot tackles the disintegration of the family unit and the violation of innocence endured by so many South African children. The play cleverly and creatively combines African storytelling and magical realism. "The

themes of the story, for me, were bound up in the idea that the children in the village needed some kind of magical event to free them from abuse, neglect and poverty. Something magical was needed to break the cycle of violence." – Lara Foot **English and Xhosa • No u/13**
R130 | 80 min | Johnny Bisschoff-saal
8 April 14:30; 9 April 19:30; 10 April 10:00; 11 April 14:30

KOÖPERASIE-STORIES**Komedie**

Ondersteun deur die L.W. Hiemstra Trust, RSG en Huisgenoot.

Met Chris van Niekerk, Marion Holm, De Klerk Oelofse, Carel Nel en Margit Meyer-Rödenbeck **Regie:** Sandra Prinsloo **Teks:** Alexa Strachan, na P.G. du Plessis se verhale **Stel- en beligtingsontwerp:** Juanita Ferreira **Kostuums:** Anel du Toit (Hollywood Costumes) **Verhoogbestuurder:** Jeanne Steenkamp **Vervaardigers:** Margit Meyer-Rödenbeck en Alexa Strachan

PG du Plessis se *Koöperasiestories* is volksbesit. Kom beleef die wel en wee van Mietie, Veldsman, Genis en hul dorpsgenote in dié herontmoeting en verhoogverwerking. Du Plessis se bekende verhale speel af in 'n kleindorpse omgewing. Dis 'n vorige era, maar soos tipies aan al sy werk, is die karakters en hul probleme tydloos. Ons herken onself in die skynheiligheid, geskinder en onderlinge twis. Onderliggend bly egter die deernis. Dis volksteater, vol lag en 'n bietjie traan. **Afrikaans • Gesin**
R130 | 70 min. | Hoërskoolsaal
8 April 19:30; 9 April 13:00; 10 April 16:30; 11 April 09:00; 12 April 13:00; 13 April 16:30; 14 April 19:30; 15 April 09:00

LIEWER**DEBUUT Drama**

'n Ko-produksie van Kunste Onbeperk en die US Woordfees. Ondersteun deur die L.W. Hiemstra Trust.

Met Anna-Mart van der Merwe, Brendon Daniels, Wilhelm van der Walt en Tarryn Wyngaard **Regie en ontwerp:** Jaco Bouwer **Teks:** Tertius Kapp **Beligtingsontwerp:** Wolf Britz **Musiek en klankbaan:** Pierre-Henri Wicomb **Produksie- en verhoogbestuurder:** Zeldi du Plessis 'n Lewende disseksie van vier karakters wat dit verdien. Die Hertzog-pryswenner Tertius Kapp plaas die liefde onder kruisverhoor, in gesprek met Patrick Marber se *Closer*. Tussen hedonisme en sinisme, dierlikheid én dierbaarheid, word nuwe moontlikhede vir teerheid ontgin, deur onder die oppervlak van die liefde se clichés te delf. Die gedugte span van Kapp en Bouwer (*Rooiland*) vlek weer op onverskrokke wyse die moderne leefwêreld oop. Gratis gesprek met geselskap ná vertoning: 9 April 10:30. **Afrikaans • Geen o/16 N T**
R125 | 90 min. | Laerskool Van Reedesaal
8 April 09:00; 9 April 09:00; 10 April 09:00; 11 April 20:00; 12 April 11:30; 13 April 20:00; 14 April 16:30; 15 April 17:00

MOEDERTAAL**DEBUUT Drama**

Met Sandra Prinsloo **Teks, regie en vervaardiger:** Nico Scheepers **Musiek:** Liesel Harris-Kruger Wanneer die infant terrible van Afrikaanse teater besluit om sy stempel af te druk op haar man se grootste toneelstuk, het hy Nellie Bonnema se ondersteuning nodig. Op die aand van die glansryke première trek Nellie aan, reg vir teater. Die pèrels wat haar man op hul troudag vir haar gegee het, word 'n *rosary* van herinneringe, en terwyl sy wag dat die jong regisseur haar kom oplaai, hoor ons haar hele, hartroerende storie. Ná die ongelooflike sukses van *Die naaimasjien* en *Oskar en die pienk tannie* keer Sandra Prinsloo terug in 'n nuwe solovertoning, *Moedertaal*, 'n beeldskone verhaal van deernis, liefde en Afrikaans, uit die pen van Nico Scheepers. Scheepers is in 2016 met die ATKV-Woordveertjie vir *Rooivalk* bekroon. **Afrikaans • Geen o/12 T**

R125 | 60 min. | Gimsaal
8 April 09:00; 9 April 09:00; 10 April 12:30; 11 April 19:30; 12 April 16:00

MONSIEUR IBRAHIM EN DIE BLOMME VAN DIE KORAN**DEBUUT Drama**

'n Ko-produksie van Kunste Onbeperk en die Suidoosterfees. Moontlik gemaak deur NATI. Ondersteun deur die Franse Instituut in Suid-Afrika (IFAS).

Met Dawid Minnaar **Regie en ontwerp:** Philip Rademeyer **Produksie- en verhoogbestuurder:** Ameera Conrad **Teks:** Éric-Emmanuel Schmitt **Vertaling:** Naòmi Morgan **Oorspronklike titel:** *Monsieur Ibrahim et les Fleurs du Coran* *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran* speel af in 'n Joodse kwartier in Parys in die 1960's, waar die gekwelde Joodse seun Moses (of Momo) 'n onwaarskynlike vriend in 'n eensame Moslem-winkeleienaar, Monsieur Ibrahim, vind. Momo se skreeusnaakse, maar tog hartverskeurende, storie begin wanneer hy sy maagdelikheid in 'n bordeel op 11 verloor. Ibrahim is 'n toevlug vir Momo, gee hom raad en leer die vroegryp seun geleidelik dat daar meer in die lewe as prostitusie is en om kruidentersware te steel. Wanneer Momo se pa – 'n passiewe, aggressiewe prokureur wat sy seun verwaarloos – verdwyn en dood gevind word, neem Ibrahim die weeskind aan. Die twee besluit om 'n reis deur Europa na Monsieur Ibrahim se geboorteplek te onderneem, wat hulle by die belangrikste kruispad in hul lewens bring. Soos die snaakse en voortreflike verhaal ontvou, wys dit hoe die belangrikste lesse oor lewe en dood geleer word wanneer ons dit die minste verwag. **Afrikaans • OB**
R125 | 80 min. | Gimsaal
8 April 16:00; 9 April 19:30; 10 April 09:00; 11 April 16:00; 12 April 12:30; 13 April 09:00; 14 April 12:30

MY PASSIE VIR JESUS**Mimiek**

Met John Jacobs **Teks:** John Jacobs en Frans Swart **Regie:** Frans Swart **Klankbaan:** Gustav van Rooyen **Vervaardiger:** Lefra Produksies

Die naam John Jacobs is welbekend in Suid-Afrika as 'n Franse mimiekmeester. In Parys, Frankryk, staan hy bekend as die klein duiweltjie en is 'n gerekende mimiekkunstenaar. Hy is 'n gebore Suid-Afrikaner en die enigste Suid-Afrikaanse mimiekmeester in die Marcel Marceau-tradisie van klassieke mimiek. Hy is terug in Suid-Afrika met dié produksie waarmee hy sonder woorde, met slegs beweging en uitdrukkings, gehore betower. Volgens John is ware mimiek die siel van die uitvoerende kunste. "Dit is waarom my gehore hulle totaal aan die wonderlike kuns van mimiek oorgee, as hulle lag, dan skater hulle, en as hulle huil, sien jy trane vloei." John vertel op aangrypende wyse sy eie storie met die kuns van mimiek en ook die besondere verhaal van Jesus van Nasaret – sy lyding, sterwe en opstanding.

Afrikaans • Gesin
R120 | 75 min. | Laerskool Wesbanksaal
11 April 11:30; 12 April 09:00; 13 April 17:30;
14 April 11:30; 15 April 14:00

PA MAAK VIR MY 'N VLIËER PA**Drama**

'n Innibos-produksie, ondersteun deur NATi, Canary Walk en die US Woordfees

Met Sandra Prinsloo, Waldemar Schultz en Wilhelm van der Walt **Teks:** Chris Barnard **Regie, stelontwerp en beligting:** Albert Maritz **Verhoogbestuurder, stel en rekwisiete:** Gaerin Hauptfleisch

Pa maak vir my 'n vlieër pa word as tydlose huldeblyk opgevoer na Chris Barnard se afsterwe. Org, 'n middeljarige man, versorg sy sieklike moeder jare lank nadat 'n vreemdeling haar van 'n gewisse dood gered het. In die eng ruimte van 'n beknopte woonstel ontvou 'n verhaal van skuld, liefde en verwyd. Hoekom is die dreigende besoek van 'n gas so vreesaanjaend? Bring die geweld aanvaarding? Die aangrypende drama laat reg

geskied aan die ryk nalatenskap van Chris Barnard.

Afrikaans • OB

R140 | 120 min. | SANW-ouditorium
13 April 14:30; 14 April 10:00; 15 April 10:00

SO RY MISS DAISY**Drama**

Ondersteun deur AK21

Met Sandra Prinsloo, John Kani en Jacques Bessenger **Regie:** Christiaan Olwagen **Teks:** Alfred Uhry **Oorspronklike werk:** *Driving Miss Daisy* **Vertaler en vervaardiger:** Saartjie Botha **Musiek:** Charl-Johan Lingenfelder **Verhoogbestuurder:** Jeanne Steenkamp

Die bejaarde Daisy is aanvanklik onwillig wanneer haar seun vir Hoke, 'n chauffeur, aanstel om met haar rond te ry nadat sy haar motor afskryf. Hoke en Daisy se reis duur uiteindelik 25 jaar en hul vreemde verhouding boei ten spyte van destydse kleurgrense en sosiale stand.

Afrikaans • Gesin
R140 | 70 min. | SANW-ouditorium
8 April 15:00; 9 April 19:30; 10 April 09:00;
11 April 15:00; 12 April 19:30

STOF ROOI**Dansteater**

Moontlik gemaak deur Theatre Arts Admin Collective

Met Dustin Beck **Regie:** Jason Jacobs **Produksiehuis:** KleiSand Teater en Theatre Arts Admin Collective

Dié solovertoning ondersoek die kwellende onbekende ruimte van voorvaders en die hedendaagse werklikhede van skool- en bende-ontgroening. *Stof Rooi* vertel die storie van 'n seun wat van sy bloedlyn ontvlug, na 'n toekoms gevel met meer belofte, hoop en betekenis. Soos hy worstel om homself te bewys, weg van 'n kultuur en erfenis wat geen toekoms het nie, veg dié twee wêrelde om sy lyf oor te neem. *Stof Rooi* was deel van Uitkampteater by die KKNK in 2016.

Gesin
R100 | 40 min. | Laerskool Wesbanksaal

13 April 11:30; 15 April 09:00

WEERKLING VAN 'N WANKLANK – 'N EENMAN MEMOIR**Drama**

Met Pieter-Dirk Uys **Teks, regie en vertaling:** Pieter-Dirk Uys **Oorspronklike werk:** *The Echo of a Noise* **Vervaardiger:** Evita se Perron

Ná meer as 7 000 solo-optredes regoor die wêreld, het Pieter-Dirk Uys geleer dat elke optrede die eerste én laaste is, want elke gehoor vereis en ontvang 'n ander energie, aktualiteit en opwinding. Nou in sy 71ste jaar, kyk Uys nie terug na die suksesse of mislukkings wat hom deurlopend tot die verbetering van sy werk gelei het nie, maar na die padwysers wat hom onbewustelik deur sy lewe in die regte en 'n oorspronklike rigting gestuur het. Sy pa, Hannes Uys, en sy ma, Helga Bassel. Sy oumas, onderwysers en sy passies. Sophia Loren, sensorskap, vals wimpers en om 'n geraas te maak, toe almal op stilte aangedring het.

Oorspronklik opgevoer in Engels as *The Echo of a Noise*.

Afrikaans • Gesin
R130 | 90 min. | Die Parlement
11 April 20:00; 12 April 11:00; 14 April 14:00

KOMEDIE**3-IN-1 MET CASPER, SCHALK EN HANNES Komedie (Stand-up)**

Met Casper de Vries, Schalk Bezuidenhout en Hannes Brümmer **Regie:** Casper de Vries **Vervaardiger:** Erns Grundling

Drie Afrikaanse komediant uit drie generasies op een verhoog, in wat beloop om die KKNK se *stand-up*-hoogtepunt te wees. Casper de Vries is vir drie dekades reeds 'n baanbreker vir Afrikaanse komedie op die verhoog én TV. Die Kanna-wenner Schalk Bezuidenhout is een van Suid-Afrika se topkomediant en blink ook uit as akteur en TV-aanbieder. Hannes Brümmer is 'n ervare akteur en komediant en is veral bekend vir sy energieke optredes en improvisasie. Feesgangers kan uitsien

na klassieke *stand-up* én historiese improvisasie met dié drie komediant. Bespreek gou, want hierdie vertoning gaan vinniger uitverkoop as pannekoek by 'n kerkbasaar.

Afrikaans • Geen o/14 T

R140 | 70 min. | Absa Burgersentrum
8 April 19:00; 9 April 14:00; 10 April 14:00

AG, KOM EK VAL SOMMER MET DIE HOLM IN DIE HUIS**DEBUUT Komedie**

Met Marion Holm **Regie:** Chris Vorster **Vervaardiger:** Handyminds

Dit is Marion Holm en Chris Vorster se negende haas wat hulle uit die hoed ruk. (En géén haas is beseeer tydens die proses van uitruk en op die planke bring nie). Dit is Holm se 14de solovertoning en hierdie keer praat sy vir 'n slag nie nét bog nie, nee-heeee, hierdie keer gesels sy oor die feit dat géén mens se lewe immuun is teen pyn nie, maak nie saak hóé ryk of mooi of maer jy is nie. Sy klets oor prettighede soos siektes, ouderdom, swaarkry en leed – sonder enige lewenservaring, maar met baie humor. Hierdie mag dalk die meeste wees wat jy nog ooit gelag het oor swaarkry en swaar wees. Soos gewoonlik is Holm se daaglikse doen en late die onderwerp, inhoud en oorsaak van die grap (alle grappe is tuisgebak en ten koste van haarself). As jy voel die druk van ons moderne samelewing word vir jou te veel, is hierdie die vertoning vir jou – jy sal uitstap en baie beter voel oor jou swaar lewe. (As jy dit egter geniet om terneergedruk te wees, is hierdie dalk nié die produksie vir jou nie.)

Afrikaans • Gesin
R120 | 70 min. | Hoërskoolsaal
8 April 13:00; 9 April 16:30; 10 April 19:30;
11 April 13:00

DIE KONINKRYK VAN DIE DIERE**DEBUUT Komedie**

'n *Kunste Onbeperk-produksie*

Met Dawid Minnaar, Joanie Combrinck, Tinarie van Wyk Loots, Stian Bam, Wessel Pretorius en Ludwig Binge **Regie, ontwerp en vertaling:**

Marthinus Basson **Teks:** Roland Shimmelpfenning
Oorspronklike titel: *Das Reich der Tiere*
Beligtingsontwerp, produksie- en verhoogbestuur: Chris Pienaar
Assistentverhoogbestuurder: Rynhardt van Blerk

Dié pittige komedie takel die meedoënlose stryd van menslike oorlewing in die mees genadelose omgewing: die teater. Ses akteurs speel die rolle van 'n leeu, 'n sebra, 'n gemsbokkoei, 'n muskeljaatkat, 'n maraboe en 'n krokodil, maar die suksesvolle toneelstuk kom tot 'n einde en die magstryd begin om wie in die volgende stuk, *Die tuin van goeters*, sal speel. Maar hoe om brood te speel? Of tamatiesous? En wat verg peper van jou kreatiewe vermoë? Hierdie is die Suid-Afrikaanse première van die vindingryke en uitstaande komedie deur Duitsland se mees opgevoerde moderne toneelskrywer. Laat die stryd om oorlewing begin. *Gratis gesprek met die geselskap ná die vertoning op 11 April 11:30.*

Afrikaans • Geen o/14 OB

R130 | 80 min. | Johnny Bisschoff-saal

**8 April 09:30; 9 April 14:30; 10 April 19:30;
11 April 10:00; 12 April 19:30; 13 April 19:30;
14 April 19:30; 15 April 19:30**

DIE ONTELBARE 48

Komedie

Met Wessel Pretorius **Regie, teks en vervaardiger:** Wessel Pretorius **Ontwerp:** Nico Scheepers

Dis Woensdagaand op 'n klein plattelandse dorpie in die Laeveld. Die skoolsaal word ingerig vir die kerk se maandelikse fliekaand. 48 dorpenaars kom byeen, elkeen met sy eie storie, om vanaand *The Sound of Music* te kyk. Tussen hulle sit 'n moordenaar met 'n sluwe plan. 'n Mikrokosmiese blik op die alledaagse menslikheid wat ons almal, maak nie saak hoe anders ons dink of leef nie, uiteindelik saambind. 'n Satiriese drama wat die mens se uithouvermoë vier. *Die ontelbare 48* is in 2016 by Aardklop vir beste produksie, beste regie en beste akteur benoem.

Afrikaans • Geen o/16 T

R110 | 65 min. | Griesselsaal
**8 April 12:00; 9 April 18:30; 11 April 12:30;
12 April 12:30; 13 April 15:00**

DOP

Komedie-drama

Ondersteun deur NATI

Met André Odendaal en Wilhelm van der Walt

Regie: Sylvaine Strike **Teks:** Retief Scholtz

Vervaardiger: Kosie Smit

Dop is 'n komedie-drama met die bekroonde akteurs André Odendaal en Wilhelm van der Walt. Frank Venter (Odendaal) is die man op straat. Een van duisende daarbuite wat min mense ooit sal ken en wat nog minder sal onthou. Soos elke mens het Frank 'n storie. Niemand luister na sy storie nie. Dit is dan tog nie so indrukwekkend nie, of is dit? Frank sit in 'n kroeg. Dis sy verjaarsdag. Buiten vir die kroegman, Tim (Van der Walt), is Frank alleen in die kroeg, soos in sy lewe. Albei het iets van die ander nodig: Frank 'n klankbord om sy bestaan te bevestig en Tim soek die regte woorde om sy hart uit te praat. Twee vreemdelinge begin gesels oor die lewe, generasies, emigrasie, drome (onvervuldes en nuwes), die kunstdiefstal van 1990, reënwoude, spyt en perdedrolle wat nie vye is nie. In wyn lê die waarheid...

Afrikaans • Geen o/12 OB

R110 | 80 min. | Griesselsaal

**8 April 18:30; 9 April 12:00; 10 April 15:00;
11 April 09:00**

KLARA MAAS SE HART IS GEBREEK, ENSOMEER: DIE VLOEISTOF TRILOGIE

DEBUUT Komedie

Met Wessel Pretorius en David Viviers **Ontwerp:** Wessel Pretorius Twee reisende spelers, 'n verteller en handlangers (afgewater uit die Commedia dell'arte-kader), skets drie verhale: die biografie van 'n traan, 'n liefdesdriehoek tussen matador, mantel en bul en 'n legendariese nag van passie. Wessel Pretorius en David Viviers keer terug na die KKNK met *Klara Maas se hart is gebreek*, plus twee nuwe verhale wat saam 'n trilogie oor lewensklusse van drie

hard-“vogtige” helde vorm. Die eerste van dié drie verhale is as deel van die KKNK se eerste Uitkampteater-projek in 2016 met die Kanna vir beste debuutwerk bekroon.

Afrikaans • Geen o/12 T

R110 | 65 min. | Griesselsaal

**8 April 15:00; 9 April 09:00; 10 April 12:00;
11 April 15:30; 12 April 15:30; 13 April 12:00**

MY MAN SE SKELMPIE SE SKELMPIE SE VROU

DEBUUT Klug

Regie: Frans Swart **Teks:** Ray Cooney en John Chapman **Vertaling:** Wim Vorster **Verwerking:** Frans Swart **Oorspronklike titel:** *Not Now Darling*
Vervaardiger: Lefra Produksies

Voorheen getiteld: Dalk later, liefie.

Nóg 'n skreeusnaakse klug uit die Lefra-stal, die klugkoning van Suid-Afrika. Die skreeusnaakse West End-treffer speel in Bodley se elegante pelsaloon af. Gilbert Bodley, 'n flambojante ekstrovert, beplan om 'n pragtige jong ontkleedanseres, Janie, met 'n peperduur nerts te verlei deur dit vir spotgoedkoop aan haar man, Harry McMichael, te verkoop. Harry besluit om die nerts eerder vir sy skelmpie, Sue, te koop. Janie trek haar klerne in die salon uit en weier om die salon sonder die nerts te verlaat. Pogings om die nerts terug te kry en die naakte Janie te versteek, word omgekrap wanneer Gilbert se vrou, Maud, opdaag. 'n Klug op sy beste.

Afrikaans • Gesin

R150 | 150 min. | SANW-ouditorium

**8 April 10:00; 9 April 14:30; 10 April 19:00;
11 April 10:00; 12 April 14:30; 13 April 19:00;
14 April 19:00; 15 April 19:00**

NET 'N CHILLIBURGER EN CHIPS ASSEMBLIE!

Met Waldemar Schultz en Deon Lotz **Regie:** Gaerin Hauptfleisch **Teks:** Ferdinand Bekker
Vervaardiger: Stercus Produksies
Dié komedie speel af in die kombuis van Skyfies en Burgers, 'n lekker *burger joint* in Parow. Dit behoort aan twee vennote, Bruwer Dippenaar en Adriaan Burger. Adriaan is gefassineerd met

Kokkedoor en neem internetkooklesse by Burger Schlebusch, baaskok en über-kosblogger. Hy filosofer oor die betekenis van kos en eksperimenteer graag met nuwe smake en tegnieke. Bruwer maak grappies oor sy naam, drink dalk te veel en werk voor. Die probleem is die onbesonne sakebesluite wat Bruwer gemaak het en nou is Skyfies en Burgers op die rand van bankrotskap. Gaan 'n besteburger-kompetisie die besigheid red en gaan die vennootskap die krisis oorleef?

Afrikaans • Gesin

R120 | 65 min. | Hoërskoolsaal

**12 April 09:00; 13 April 20:00; 14 April 16:30;
15 April 16:30**

O MY GOEIE VOLK

DEBUUT Komedie

Met Esther von Waltsleben **Regie:** Marion Holm **Teks en vervaardiger:** Esther von Waltsleben
Verhoogbestuurder: Jan-Hendrik Opperman
O my goeie volk is 'n sketskomedie met die tong stewig in die kies. Die gehoor verlustig hulself in 'n smorgasbord van kleurvolle karakters en hul kwinkslae. Daar is onder andere Jeanet, skoonheidskonsultant van Mpumalanga; Michellé, trotse ma van die kinderster Caché; Anna de Beer wat 'n ouetehuis probeer bestuur; en mev. Gelderblom, die rusbankresesent met die giftige tong. Die teks is skerp en snaaks en die karakterisering pynlik in die kol. Von Waltsleben is bekend vir haar vernuftige karakterwerk op die verhoog en in TV-reekse soos *Die Republiek van Zoid-Afrika*, en die regisseur Marion Holm weet meer van solovertonings as enige ander vrou, of man.

Afrikaans • Geen o/14 T V

R100 | 75 min. | Die Parlement

**8 April 17:00; 9 April 20:00; 10 April 14:00;
11 April 11:00**

OOMS**Komedie**

Met Tobie Cronjé en Gerben Kamper **Regie en teks:** Chris Vorster **Verhoogbestuurder:** Esté Strydom **Produksiehuus:** GZ Productions

Tobie Cronjé en Gerben Kamper is twee knorrige ooms wat tot hul spyt saam in 'n ouetehuis beland. Maar hierdie is nie 'n gewone ouetehuis nie, dis eerder 'n tipe verbeteringskool vir skatryk oues wat lastig geword het, of uit ander instansies geskors is. Dié tehuis is op 'n luukse landgoed, iewers in die Kaap langs die see. Dit is omhein soos 'n tronk met wagte en selfs honde. Al hoe jy "vrywillig" hier uitkom, is in 'n doodskis. Pierre (Cronjé) is al 'n hele ruk hier en het al 'n paar keer probeer ontsnap. Hy is die swartskaaap en word deurgaans dopgehou. Frans (Kamper) het pas daar aangekom, glo geskors uit Huis Silwerkruin oor sy onhebbelike gedrag. Nóú begin die poppe dans. Die ooms stamp uit die staanspoor kop, maar besef gou dis nie "ons teen mekaar nie", maar eerder "ons teen die kinders". Hierdie ooms sal nét mandjies vleg en tolletjiebrei as dit deel is van 'n indrukwekkende ontsnappingsplan. Hulle het nog lank nie boedel oorgegee nie. Die ooms is snaaks, slim en klaar gepraat. Bekroon as die gewildste produksie by Innibos en uitverkoop by die Vrystaat Kunstefees en Aardklop.

Afrikaans • Geen o/14 T**R120 | 70 min. | Hoërskoolsaal****8 April 16:30; 9 April 09:00; 10 April 13:00; 11 April 16:30; 12 April 20:00; 13 April 09:00; 14 April 13:00; 15 April 13:00****PASAANOFFOKOF****DEBUUT Komedie**

Met Pieter-Dirk Uys **Regie, teks en vertaling:** Pieter-Dirk Uys **Vervaardiger:** Evita se Perron

Pasaanoffokof kyk terug op die lang pad na vryheid vanaf *Adapt or Dye* (1981) tot *Adapt or Fly* (2017). Dit is Uys met sy satiriese swerm ikone en aikónas, van D.F. Malan tot J.G. Zuma.

Afrikaans • Geen o/16 T**R140 | 75 min. | Absa Burgersentrum****11 April 10:00; 13 April 14:00; 14 April 19:00****PAY BACK THE CURRY****Comedy**

With Daniel Richards **Script:** Mike van Graan **Director:** Rob van Vuuren **Producer:** Siv Ngesi

After eight sold-out shows at its National Arts Festival premiere in July 2016, this production has toured the country and comes to the KKNK for its final performances before the creative team works on an entirely new edition. It has played to audience and critical acclaim for nine months, with the *Daily Maverick* describing it as "provocative, intelligent, emotive and extremely witty" with the performer, Daniel Richards, praised as "one of the most exciting young talents in South Africa. Richards is an absolute gem." *Die Burger* gave it four stars during its run at the Baxter Theatre.

English • No u/16 L**R100 | 70 min | Die Parlement****8 April 14:00; 9 April 11:00; 10 April 11:00****STROOIJONKER****DEBUUT Komedie**

Met De Klerk Oelofse **Regie:** Louw Venter en Rob van Vuuren

Strooijonker vertel van die desperate poging van Lukas Basson om 'n strooijonkertoespraak by sy beste vriend, Jean Voster, se troue te maak. Maar Lukas is nog al die jare verlief op Jean se bruid, Cheryl Lieberman, 'n ou skoolvriendin. Die kombinasie van emosie en gratis vonkelwyn is net een te veel vir dié stomme man. Hy raak gou die pad byster en voor hy kan keer, bevind Lukas hom kniediep in die Vosters, die Liebermans en sy eie vuil wasgoed – ten aanskoue van die ganse geskokte trougeselskap. Niksvermoedende lede van die gehoor word gou uitgeken as onder andere Jean, Cheryl, hul ouers en 'n paar ander karakters uit Lukas se uitdagende lewe. Dis 'n skreusnaakse en hartroerende komedie, wat die gehoor uitnooi om deel te wees van die drama en belig die onrealistiese eise wat ons aan onself by sulke geleenthede stel.

Afrikaans • Geen o/14 T D V**R100 | 60 min. | Die Parlement****9 April 17:00; 11 April 14:00; 12 April 17:00;****13 April 14:00; 15 April 14:00****VOËL INNIE HAND****Klug**

Met Pierre van Pletzen **Teks en regie:** Pierre van Pletzen **Verhoogbestuurder:** Sandra Vaughn **Vervaardiger:** Pierre van Pletzen

Produksies Pierre van Pletzen in sy eerste solo-opvoering. 'n Geoliede ou akteur loop op die verhoog en begin met die openingstoneel van 'n klug wat hy en ander akteurs opvoer. Dinge gaan goed tot hy skielik besef hy is alleen, daar is nie ander spelers nie. Hy besluit dat hy steeds die vertoning gaan doen – op sy eie. Aanvanklik hanteer hy alles goed, maar soos die snaakse situasies van die oorspronklike toneelstuk en die spanning om alles alleen te doen op hom inwerk, begin hy al hoe meer drink. Hy kry selfs 'n bottel Handy Andy beet. Ná 'n ruk kom hy in sy beneweldheid alles en almal by met kwinkslae wat hy wyd en syd uit sy beskonke brein opdiep. Beleef saam met Van Pletzen 'n reis wat snaaks begin en snaaks eindig.

Afrikaans • Geen o/16 T**R125 | 60 min. | Laerskool Van Reedesaal****8 April 20:00; 9 April 20:00; 10 April 17:00; 11 April 17:00; 12 April 15:00; 13 April 09:00; 14 April 09:00; 15 April 09:00****VOKSBESIT****Skerpskerts**

Met Schalk Bezuidenhout **Regie:** Schalk Bezuidenhout **Vervaardiger:** Erns Grundling

Ná die sukses van verlede jaar se *Schalk Bezuidenhout Lewendig* is dié krulkopkomediant met sy truitjies en skerp tong terug met 'n splinternuwe vertoning. Want of Schalk nou besig is om meisies op *Die Kliek* te vergesel op romantiese uitstappies, die geliefde Danny vertolk in *Hotel* of vlymskerp waarnemings deel in *Jou Nuusminuut*, een ding is 'n feit: Schalk Bezuidenhout laat mense skaterlag. Kom kyk hoe hy die draak steek met homself, onself en hoe hy al wat heilige koei is na die slagpale lei. Bespreek

gou, die kaartjies gaan vlieg nog voor jy kan sê "My goeie voksbesit!"

Afrikaans • Geen o/14 T**R115 | 65 min. | Die Parlement****12 tot 15 April 20:00****MUSIEK****ADAM TAS – PATATAS EN PYPTABAK****Kontemporêre musiek**

Met Adam Tas en Lourens Delport **Musiek:** Adam Tas en Lourens Delport **Vervaardiger:** Adam Tas

Adam Tas se nuwe album, wat in Oktober 2016 die lig gesien het, is oudergewoonte hartroerende en gevul met nostalgie. Met musiek van dié nuwe album en van die ou gunstelingtreffers saamgeweef, belooft hierdie om 'n heerlike ervaring vir sy aanhangers te wees.

Afrikaans • Gesin**R130 | 70 min. | Die Windpomp Restaurant Teater****8 April 21:00; 9 April 14:00; 10 April 10:00; 11 April 21:00****AMANDA STRYDOM – SO ONNER DEUR DIE MAAN****DEBUUT Kontemporêre musiek**

Met Amanda Strydom en Coenraad Rall (klavier) **Musiekverwerkings:** Coenraad Rall **Regie, teks en vervaardiger:** Amanda Strydom

Strydom, wanner van 2016 se Fiësta vir beste prestasie in 'n musiekgedrewe produksie en 2016 se ATKV-Prestigeprys vir haar bydrae tot Afrikaans, weef in *So onner deur die maan* haar liedjies saam met stories en poësie. Sy sing minder bekende liedjies van haar albums en voeg Piaf by vir 'n skeut nostalgie.

Afrikaans, Frans en Engels • Geen o/5**R130 | 70 min. | Die Windpomp Restaurant Teater****11 April 10:00; 12 April 21:00; 13 April 14:00; 14 April 14:00**

AMPER FAMOUS DEBUUT Musiekteater

'n *Kunste Onbeperk-produksie. Ondersteun deur NATi.*

Met V.I.T.O. Anray Amansure, Rushney Ferguson en orkes **Regie en vervaardiger:** David Kramer
Teks en musiek: Vito Heyn en David Kramer
Amper Famous vertel die storie van 'n jong man van Okiep wat besluit om in sy moedertaal, Namakwa-Afrikaans, te skryf en rap. Hy word deur sy vriende gespot. Hulle weier om hom ernstig op te neem omdat hy nie lyk of klink soos die Amerikaanse hip-hoppers op YouTube nie. V.I.T.O. bly by sy oupa, wat wil hê hy moet 'n werk kry, maar die kopermyne het toegemaak en werksgeleentheid is skaars. Almal raai hom af om 'n klemsrymer te word. Dit is V.I.T.O. se droom dat sy musiek eendag, wanneer hy 'n suksesvolle hip-hop-ster is, erken word en op radio gespeel en nasionale televisie gesien word. *Amper famous* is die eerste Afrikaanse hip-hop-musiekblyspel wat op die verhoog gesien word. Gratis gesprek met die geselskap ná die vertoning op 9 April 17:15.

Afrikaans • Gesin
R60 | 60 min. | Gimsaal

8 April 12:30; 9 April 16:00; 10 April 19:30;
11 April 12:30; 13 April 12:30; 14 April 19:30;
15 April 09:00

ANDRIËTTE NORMAN – GOEIE GENADE DIS 'N DEKADE!

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Andriëtte Norman, Jaconell Mouton, Schalk Joubert en orkes **Teks, musiek en vervaardigers:** Andriëtte Norman en Schalk Joubert **Regie:** Schalk Joubert **Verhoogbestuurder:** Alice Gerber
Andriëtte se loopbaan van 'n dekade het begin met haar onverwagse sukses op *Idols* as 'n onbekende nuweling, en uiteindelik platinumverkope as een van Suid-Afrika se suksesvolste vroulike kunstenaars. Dit was 'n tydperk van groei, geluk, hartseer én pyn, 'n ontdekkingsreis van 'n jong meisie tot 'n vrou. Om hierdie inspirerende storie te vertel, span sy met 'n groep musikante saam om die diversiteit van haar loopbaan te vier. Sy en

Jaconell Mouton plaas die fokus op vrouwees en Schalk Joubert en sy orkes sorg vir ritme uit die boonste rakke. Met beeldskone klassieke verwerkings tot lekker voetstamptreffers is hierdie iets wat jy nie wil misloop nie.

Afrikaans • OB
R140 | 70 min. | Absa Burgersentrum
15 April 12:00

ANGELS ON HORSEBACK: SKOP, SKIET AND BLONDER

Kabaret

Met o.a. Alicia McCormick en Jonathan Tait **Regie en vervaardiger:** Fiona du Plooy **Musiek:** Jonathan Tait

Kaapstad se gunsteling-countrykabaret is terug en nog net so rof en onbeskof soos altyd. Country kry 'n heel nuwe baadjie in hierdie waaghalsige, wulpsse en heerlike kabaret. Skreeusnaakse oorspronklike liedjies gee country 'n *makeover*, 'n bloedneus en 'n gatskop. Dit belooft om jou huis aan jou terug te besorg, jou hart heel te maak en moontlik jou tong in sy, uhm – jou kies te sit.

Engels en Afrikaans • Geen o/16 T
R100 | 60 min. | Die Parlement
8 April 20:00; 10 April 20:00; 12 April 14:00;
13 April 17:00; 14 April 17:00; 15 April 11:00

BEAUTIFUL BEAUTIFUL HYMNS

Kontemporêre musiek

Met Rocco de Villiers, Piperjames, Pieter van den Berg en Lizelle le Roux **Teks en musiek:** Rocco de Villiers **Vervaardiger:** Rocco Rocco Music
Rocco de Villiers se reis na net die mooiste musiek het hom by verskeie plekke laat vertoef. Hy probeer met al sy musiek, en veral die nuwe versameling van geestelike musiek, die seer en lelik van daar buite net so 'n tikkie mooier maak. Dit sluit in *Jerusalem, Heilig, heilig, heilig, Amazing Grace, Blye versekering, Ave Maria, Glory, Glory Hallelujah*, die mooie *Stille nag* en immergroen geestelike treffers soos *Hoe groot is U, Wat 'n vriend het ons in Jesus* en natuurlik die *Onse Vader*. Musiek vir die hart en siel in 'n tyd waar die wêreld smag na mooi. Op klavier, orrel, viool en

doedelsak speel Rocco en die orkes die bekende ou gesange met 'n nuwe baadjie, maar met die eeue ou betekenis en boodskap.

Afrikaans • Gesin
R140 | 90 min. | Absa Burgersentrum
10 April 10:00

DANIE NIEHAUS EN PIETMAN GELDENHUYS – DIE DING VAN 'N LIEDJIE

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Pietman Geldenhuys en Danie Niehaus
Vervaardiger: Pietman Geldenhuys en Danie Niehaus

Die ding van 'n liedjie herbesoek die manier waarop folk, country en popmusiek van verskillende eras ons as Suid-Afrikane se skryfstyl en denkwyses beïnvloed het. Dié musikante wys hul vermoë om te komponeer én hul diverse talent met sang en verskillende style en genres musiek.

Afrikaans en Engels • Gesin
R120 | 70 min. | Die Windpomp Restaurant
Teater

9 April 10:00; 10 April 21:00; 11 April 14:00

DIE VLAMMENDE FEZ

Kabaret

'n *NATi* / *Feesteforum-produksie*

Met Chris van Niekerk, Loukmaan Adams, Carlo Daniels, Gary Naidoo, Bianca Flanders, Liebschen Saal en 'n tradisionele Kaapse Maleier-sanggroep
Regie: Basil Appollis **Teks en ontwerp:** Lindi-Heila Smit **Musiekontwerp:** Gertjie Besselsen
Musiekfasiliteerder: Kurt Haupt **Komposisie en orkesleier:** Gertjie Besselsen **Vervaardiger:** Suidoosterfees

Hierdie musiekspel bevat nutgeskrewe sowel as 300 jaar oue melodieë, vervleg met verse oor die wêreld van die Kaapse Maleiers geskryf deur I.D. du Plessis. Bekende stories en gedigte in die produksie is onder andere *Karnaval, Vreemde liefde* en ook die kaalvoetseun wat groente verkoop in die reën, maar ten spyte van sy hartseer steeds vreugde ervaar. *Die Vlammente Fez* is 'n produksie oor verdeeldheid en

versoening. Oor hartseer en geluk. Oor medemenslikheid. Kom luister na die eeue oue roepstem van die muezzin in Afrikaans.

Afrikaans • Gesin
R100 | 60 min. | Gimsaal
12 April 19:30; 13 April 20:00; 14 April 09:00;
15 April 12:30

ELVIS BLUE – KAAL

Kontemporêre musiek

Met Elvis Blue (sang en kitaar), Hiram Koopman (saksofoon), Neil Engel (trompet), Bez Roberts (tromboon), Matthys Maree (klavier), Raymond Green (elektriese kitaar), Rochelle Rautenbach (baskitaar) en Thinus Odendaal (dromme) **Regie, teks en vervaardiger:** Elvis Blue **Klank:** Duane Brown

'n Oorspronklike produksie, geskryf deur Elvis Blue, wat hierdie gewilde kunstenaar en liedjieskrywer na gehore bring soos nog nooit tevore nie. Ná 'n jaar waarin hy 'n Ghoema-rekord behaal het vir die meeste pryse (sewe), 'n Engelse album uitgereik het, 'n uiters suksesvolle *Érens in die middel van nêrens*-toer onderneem het en sy vierde SAMA gewen het, deel hy met hierdie produksie 'n rou en eerlike kant van homself. 'n Versameling van ou en nuwe musiek soos nog nooit voorheen gehoor nie.

Afrikaans • Gesin OB
R140 | 95 min. | Absa Burgersentrum
11 April 19:00; 12 April 10:00

GRETHE VAN DER MERWE – ALLEGORIE

Kontemporêre musiek

Grethe van der Merwe bedoel wat sy sê en sê wat sy bedoel in haar splinternuwe produksie, *Grethe van der Merwe – Allegorie*. Bekende treffers soos *Ver van hier* en *Hierdie plek* word ingesluit, asook nuwe liedjies uit haar pen. "By die allegorie ontstaan die vraag na die dieper betekenis skaars; die betekenis bied homself onmiddellik saam met die oppervlakte-betekenis aan." – N.P. van Wyk Louw.

Afrikaans • Gesin

R100 | 60 min. | Die Windpomp Restaurant Teater
8 April 10:00

HILANDI DU TOIT EN JUNE VAN MERCH – GEDIG MY SNAAR

Kontemporêre musiek

Met June van Merch en Hilandi du Toit **Teks en musiek:** Hilandi du Toit **Vervaardiger:** HiMusic
In hierdie produksie vertolk Van Merch van die bekendste gedigte tot oorspronklike digkuns uit Du Toit se pen in haar unieke styl. Du Toit vul die woordkuns aan met gevoelvolle kitaarimprovisasie en sing van haar oorspronklike gedigte wat liedjies geword het. Sy maak gebruik van drie kitaras – 'n akoestiese staalsnaar, 'n nylon snaar en 'n akoestiese baritonkitaar – om elke gedig se afsonderlike karakter te ontsluit.

Afrikaans • Geen o/10 T

R110 | 70 min. | Laerskool Wesbanksaal
14 April 17:00; 15 April 17:00

HUISGENOOT-VERHOOG

Die KKNK se opelug musiekverarings keer vir die eerste keer sedert 2012 terug na die Rivierbuurt, wat beteken jou week- of dagkaartjie bied meer waarde vir geld as ooit tevore. Ons skep 'n ongelooflike atmosfeer vir feesgangers in die Rivierbuurt met stalletjies, smulkos, wyn- en deli-proeë, kindervermaak, rusareas en nou ook aandvertonings by die Huisgenoot-verhoog. Die musiek hier begin om 16:00 en indien jy nie die hele dag in die Rivierbuurt kan rondsnuffel en kuier nie, verseker jou sitplek in die *golden circle* vir uitgesoekte aande teen 'n addisionele R80 ('n *golden circle*-kaartjie, gee nie toegang tot die Rivierbuurt nie).

Juanita, Bok en vriende

Kontemporêre musiek

Met Juanita du Plessis, Bok van Blerk, Refentse, Jo Black, The Black Ties en Elandré Schwartz **Musiekregie:** Jaconell Mouton
Juanita du Plessis is vir die eerste keer in sewe jaar terug by die KKNK. Saam met Bok van Blerk

wat in 2016 sy tiende jaar in die musiekbedryf gevier het, The Black Ties en nuwelinge, Jo Black, Elandré Schwartz en dubbel-platinumverkoper Refentse, sorg hulle vir 'n heerlike kuieraand onder die Klein Karoo-sterre.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | Golden circle: R80 (sluit nie toegang tot Rivierbuurt in nie) | 180 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
8 April 17:30

Theuns Jordaan en Dr. Victor

Kontemporêre musiek

Met Theuns Jordaan en Dr. Victor & The Rasta Rebels

Theuns Jordaan en Dr. Victor & The Rasta Rebels, wat onlangs hul nuwe enkelsnit uitgereik het, is terug by die KKNK. Dié kunstenaars, wat saam by *Afrikaans is Groot* in 2012 opgetree het, sorg vir 'n onvergeetlike aand.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | Golden circle: R80 (sluit nie toegang tot Rivierbuurt in nie) | 120 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
9 April 18:30

Nicholis, Elizma, The Rockets en Brendan

Kontemporêre musiek

Met The Rockets, Nicholis Louw, Elizma Theron en Brendan Peyper

Nicholis Louw en Elizma Theron is deel van die groep 4Werke wat onlangs hul nuwe album, *4Warm*, uitgereik het. Brendan Peyper, wie se album onlangs goue status bereik het, en The Rockets is ook op die verhoog.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | 150 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
10 April 18:00

Emo, Kurt, Karin en Robin

Kontemporêre musiek

Met Emo Adams, Kurt Darren, Karin Kortjé en Robin Peters

Die *Jou Show*-aanbieder Emo Adams, Kurt Darren wat onlangs sy jongste album, *Sal jy met my dans*, uitgereik het, Karin Kortjé en die *The Voice*-deelnemer Robin Pieters is op die verhoog vir 'n onvergeetlike aand in die Rivierbuurt.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | 120 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
11 April 18:30

Bobby en Rhema

Kontemporêre musiek

Met Bobby van Jaarsveld en Rhema Varrie *The Voice*-mentor, Bobby van Jaarsveld, en die *SA Idols*-wenner, Rhema Varrie, sorg vir 'n aand wat jy beslis nie kan misloop nie. Beleef hierdie vertoning saam met ons in die Rivierbuurt.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | 120 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
12 April 18:30

Rymklets van Oos tot Wes

Hip-hop

Met Early B, Die Salwing (HemelBesem, Yoma en Linkris), Jerome Rex, RenoKarooKing, Die Hooflig, Japsnoet en DJ Hearing Aid **Vervaardiger:** Danny B's Entertainment Productions

Beleef hip-hop in die Klein Karoo met van ons land se voorste kunstenaars en die wenner van die Oudtshoorn hip-hop-prise. Dit is die vyfde keer dat *Rymklets van Oos tot Wes* by die KKNK aangebied word en beloof om jou n ander persepsie te gee oor dié kunsvorm en die kultuur van hip-hop in Suid-Afrika.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | 120 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
13 April 18:30

kykNET Jukebox

Kontemporêre musiek

Met Pieter Koen, BlackByrd, Refentse, Jay, Leah en Willem Botha **Musiekregie:** Jaconell Mouton

Die gewilde kykNET-program, *Jukebox*, kom na die KKNK. Beleef 'n aand vol heerlike musiek saam met jou gasheer, Pieter Koen, wat onlangs sy nuwe album uitgereik het. Die groep BlackByrd, Refentse, Jay, die borrelende Leah en Willem Botha sluit by hom aan.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | Golden circle: R80 (sluit nie toegang tot Rivierbuurt in nie) | 120 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
14 April 18:30

Kleurvol

Kontemporêre musiek

Met 'n keur van vars nuwe talent **Mentors:** Bouwer Bosch en Leandie du Randt Bosch **Regie:** Nico Scheepers **Musiekregie:** Jaconell Mouton
Vars nuwe talent kry die geleentheid om onder mentorskap van Bouwer Bosch en Leandie du Randt Bosch hul talente ten toon te stel in dié afsluitingskonsert vir KKNK23. Die bekende regisseur en Fiësta-wenner, Nico Scheepers, behartig die aand se regie. 'n Aand van musiek gestroop van alle ego's.

Afrikaans en Engels • Gesin

Ingesluit by Rivierbuurt-kaartjie | Golden circle: R80 (sluit nie toegang tot Rivierbuurt in nie) | 90 min. | Huisgenoot-verhoog, Rivierbuurt
15 April 18:30

JAK DE PRIESTER – 15 JAAR MET KLAVIER EN KITAAR

DEBUUT Kontemporêre musiek

Met Jak de Priester en Altus Muller **Musiek en vervaardiger:** Jak de Priester

In 2017 is dit 15 jaar nadat Jak de Priester sy debuut met *Sally Williams Nougat* gemaak het. Sedertdien het hy agt albums, 'n DVD, 'n kinderalbum en twee boeke uitgereik, verskeie temamusiek vir televisie geskryf en gesing en is die aanbieder van die gewilde TV-reeks *Reis na gister*. Hierdie produksie is 'n viering van sy loopbaan tot dusver met 'n splinternuwe album, *15*.
Afrikaans • Gesin

R120 | 90 min. | Die Windpomp Restaurant Teater**7 April 21:00; 8 April 14:00; 9 April 21:00; 10 April 14:00****KAREN ZOID EN DIE GEREFORMEERDE BLUES BAND****DEBUUT Kontemporêre musiek***'n Kunste Onbeperk-produksie, in samewerking met Brainwave Productions. Ondersteun deur Tygervallei Winkelsentrum.***Met** Karen Zoid en die Gereformeerde Blues Band **Musiek:** Johannes Kerkorrel, Karen Zoid en die Gereformeerde Blues Band **Vervaardiger:** Carien LoubserJohannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band se *Eet kreef*-album was 'n monumentale album binne die Voëlvry-beweging in die 1980's. Hierdie is 'n herbesoek aan dié album en die oorspronklike *band* trek saam met Karen Zoid 'n kontemporêre baadjie aan.**Afrikaans • Geen o/16 T****R140 | 75 min. | Absa Burgersentrum 9 April 10:00; 10 April 19:00****KAROO SUITE****DEBUUT Kontemporêre musiek***'n Kunste Onbeperk-produksie, in samewerking met Coenie de Villiers***Met** Coenie de Villiers, Deon Meyer, Jaconell Mouton (klavier), David Klassen (perkussie) en Mauritz Lotz (kitare) **Regie en musiek:** Coenie de Villiers **Teks en projeksies:** Coenie de Villiers en Deon Meyer **Musiekregie:** Jaconell Mouton **Produksiehuis:** CDV Market Ideation Coenie de Villiers en sy musikante spring weg met komposisies van sy skitterende nuwe album, *Emoji*, asook 'n paar bekende treffers. Die laaste deel van die program bestaan uit die oorspronklike *Karoo Suite*, 'n musieksuite vir woord en lied, struktureel geskoei op Vivaldi se *Vier seisoene*. Maar dis nie seisoene wat Deon Meyer in sy wonderskone teks belig nie: dis die mense, die stories en die persoonlikheid van die Karoo. Meyer is ook die verteller op die verhoog. Dit is dié werk

se debuutuitvoering. De Villiers het die musiek gekomponeer en die internasionaal bekende skrywer stel sy talent ten toon buite die spanningsgenre. Die bykomende lekkerte is Meyer se asemrowende fotografie en projeksies wat 'n agtergrondtafereel vir dié multimedia-viering van woord, beeld en musiek skep. Meyer is een van die suksesvolste skrywers in sy genre ter wêreld, maar ook 'n fotograaf van internasionale gehalte.

Afrikaans • Gesin**R140 | 70 min. | Absa Burgersentrum 8 April 14:00; 9 April 19:00****KAROO SWING****DEBUUT Kontemporêre musiek****Met** Emo Adams, Bobby van Jaarsveld en Katlego Maboe **Musiek:** Emo Adams **Produksiehuis:** All Star EventsIkoniese Afrikaanse musiek word deur van jou gunstelingkunstenaars opgetof in *Karoo Swing*. Hierdie nostalgiese reis is vir elkeen wat lus is om te jol. Drie van Suid-Afrika se beste musikante deel op een verhoog hul liefde vir *big band swing*.**Engels, Afrikaans en Xhosa • Gesin****R140 | 60 min. | Absa Burgersentrum 12 April 14:00; 13 April 19:00****LAATNAG****Kontemporêre musiek**Sluit jou feesdag met 'n allegaartjie van musiek by *Laatnag* af. Beleef 'n verskeidenheid van musiekstyle en genres in hierdie lekker kuieratmosfeer.**Veeltalig • Geen o/18****R50 | 120 min. | By Absa Kuierkamer Daaglik 21:30****LOKI ROTHMAN EN ALBERT FROST – DIE AKOESTIESE KITAAR****DEBUUT Kontemporêre musiek****Met** Loki Rothman en Albert Frost **Regie en vervaardiger:** Loki Rothman **Produksiehuis:** eFundo CreationsAlbert Frost en Loki Rothman sit snare bymekaar en bring hul ongelooflike produksie *Die akoestiese**kitaar* na die KKNK. Albert is bekend vir sy ongelooflike bluesrock-styl en Loki vir sy virtuose spel en vir sy perkussie op die bakwerk van die kitaar. Musiek van Frost se nuwe album, *The Wake Up*, word gehoor, asook van Rothman se bekende nommers. Die moontlikhede van 'n akoestiese kitaar word getoets en dié is 'n moet-sien-vertoning vir enige kitaar liefhebber.**Afrikaans en Engels • Gesin****R110 | 90 min. | Laerskool Wesbanksaal 11 April 17:00; 12 April 17:00; 13 April 14:00****MATHYS ROETS – 21 JAAR IN DIE MUSIEKBEDRYF****Kontemporêre musiek****Met** Mathys Roets **Produksiehuis:** MVA Produksies21 jaar gelede het Mathys vir die eerste keer by 'n kunstefees opgetree – *Nokturne* (liedjies van Koos du Plessis) is by die KKNK aangebied. Vanjaar se vertoning is 'n nostalgiese terugblik op sy sangloopbaan. Kom luister na sy stories oor die sangers en lirieksskrywers saam met wie hy die pad geloop het. Verlustig jou in sy sielvolle vertolking van die mooiste ballades, soos die musiek van o.a. Koos du Plessis, Leonard Cohen en Lucas Maree en verwonder jou opnuut aan die besonderse lirieke van liedjieskrywers soos Piet van Wyk de Vries. Roets se eiesoortige vertolkings is onvergeetlik – kalmte vir die siel en doepa vir die sinne.**Afrikaans en Engels • Gesin****R120 | 60 min. | Die Windpomp Restaurant Teater 12 April 14:00; 13 April 09:00; 14 April 21:00; 15 April 14:00****MIS VIR DIE OU OOM****Musiek***Geïnspireer deur Jans Rautenbach***Met** o.a. leerders van Vlakteplaas Primêr o.l.v. Andy Fortuin, Ad Astra Hoërskool Oudtshoorn-koor o.l.v. Elmine Bester, Kambro Diggers en VGK Oudtshoorn-kerkkoor **Samestellers en musiekleiers:** Awie van Wyk en Mabet van WykHierdie musiekproduksie word geïnspireer deur die liefde wat Jans Rautenbach vir die kunste en musiek van die Klein Karoo en sy mense gehad het. 'n Eenmalige belewenis met plaaslike stemme uit die Klein Karoo. In samewerking met spesiale gaskunstenaars word die outentieke klanke van Rautenbach se plaas *Oulap*, tot plaaslike skole en -kerke na die verhoog gebring. Dit is 'n mis vir die ou oom.**Afrikaans en Engels • Gesin****R60 | 60 min. | Absa Burgersentrum 14 April 14:00****MOND VERBY****DEBUUT Kabaret****Met** Elisha Zeeman **Regie en ontwerp:** Stefan Benadé **Teks en vervaardiger:** Elisha Zeeman Haat jy jou werk? Moenie jou bekommer nie. Jy is nie alleen nie. Bitter min mense doen waarvoor hulle werklik lief is. Meeste aardbewoners het verval in 'n eentonige ja-en-amen-roetine van huis toe, werk toe, *paycheck*, *broke*. Jy werk jouself poegaai net sodat jou baas sy kinders met 'n oorsese vakansie in Monaco kan bederf. *Mond verby* rebelleer met alle mag en krag teen "the man" wat alewig in ons nekke blaas. In hierdie satiriese sketskomedie deel ses uitspattige karakters hul ervarings oor die korporatiewe wêreld. Hulle berei ons voor op onsuksesvolle onderhoude, gee slegte raad oor CV-skutblaai en wys ons hoe om iemand op 'n baie onetiese manier te *fire*. *Mond verby* sluit selfs 'n *TED Talks*-praatjie oor die belangrikheid van lyfstraf in die werkplek in. 'n Eenvoudige, maar vlymskerp solovertoning soos jy nog nooit gesien het nie. **Afrikaans en Engels • OB**
R100 | 50 min. | Die Parlement 8 April 11:00; 9 April 14:00; 10 April 17:00; 11 April 17:00**PETRONEL MALAN – GETRANSKRIBER****Klassieke musiek****Met** Petronel Malan **Vervaardiger:** Kobus Buys Petronel Malan is een van Suid-Afrika se mees geliefde konsertpianiste en spog met 'n Grammy-

benoeming, 'n Kanna- en kykNET Fiësta-toekenning, The American Prize of Excellence in the Arts en vyf eerste pryse by internasionale klavierkompetisies. Malan is bekend vir kragtige, virtuose klavierspel wat gehore in konsertsale dwarsoor die wêreld betower. In dié program, spesiaal saamgestel vir KKNK 2017, belooft haar innemende persoonlikheid, virtuose tegniek en die wonderklankwêreld van klavier 'n verrykende musikale reis met musiek van haar eerste vyf CD's en 'n voorsmaak van haar volgende album. Malan se laaste optredes in Suid-Afrika was in 2013, waar sy onder meer voor 'n vol saal by Klein Karoo Klassique opgetree het. 'n Moet vir alle klaviermusiek liefhebbers.

Gesin

**R140 | 60 min. | Absa Burgersentrum
15 April 16:00**

PIEKNIK BY MPANDE NÉE DINGAAN**Musiekteater**

'n NATI / Feesteforum-produksie

Met Nicole Holm, Karli Heine, Nomathamsanqa Baba, Ilana Cilliers, Ludwig Binge en Marlo Minnaar **Regie:** Wolf Britz **Teks en verwerking:**

Louis Roux **Musiekregie:** José Dias

Musiekassistent: Pierre-Arnold Theron

Projeksie-scenograaf: Abri de Swardt

Kostuums: Izel van der Merwe

Verhoogbestuurder: Danielle Louw

Vervaardiger: US Woordfees

In 1988 stik die Afrikaanse establishment in hul koffie oor die omstrede kabaret *Piekniek by Dingaan*, 'n seminale protesstuk wat die Afrikaanse kunstelandskap ingrypend verander. Heilige koeie is geslag, bloed het gevloei. Die kleinkinders van Verwoerd het 'n vet middelvinger gewys vir die safaripak-en-grys-skoen-brigade en die tannies met die gedoende hare – die naaste wat wit Suid-Afrika ooit aan seks, *drugs* en rock en roll gekom het. Vandag is Suid-Afrika 'n ander land. Of is dit? Bloed vloei steeds. Heilige koeie is dik gevreet en onverstoord in die "groen, groen land van Natal". 'n Nuwe generasie protesteer, terwyl die klippe reën in Braamfontein.

Afrikaans • Geen o/16 G S D

R125 | 90 min. | Gimsaal

**8 April 19:30; 9 April 12:30; 10 April 16:00;
11 April 09:00; 12 April 09:00; 13 April 16:00;
14 April 16:00; 15 April 16:00**

STEFFIE EN LES JAVAN**DEBUUT Kontemporêre musiek**

Steffie en Les Javan is 'n unieke kombinasie op die verhoog. Met besonderse liedjies, self deur die twee geskryf, is dié produksie vol skakerings, stories en mooi melodieë. Daar is 'n onopgesmuktheid en 'n broosheid hier teenwoordig, waar die eenvoud en eerlikheid van die kunstenaars die trefkrag is. Bekende treffers asook musiek van Javan se nuutste album, *SprokiesKontrei*, en Steffie se debuutalbum, *Vertel my*, word saamgeweef op die verhoog.

Afrikaans • Gesin

**R120 | 70 min. | Die Windpomp Restaurant
Teater**

12 April 10:00; 13 April 21:00; 14 April 10:00

**WE DIDN'T COME TO HELL FOR THE
CROISSANTS****Komedie en Storievertelling**

Met Jemma Kahn en De Klerk Oelofse **Regie:** Lindiwe Matshikiza **Teks:** Jemma Kahn, Tertius Kapp, Rosa Lyster, Lebogang Mogashoa, Justin Oswald en Nicholas Spagnoletti **Vertaling:** Tertius Kapp **Vervaardiger:** PopArt Productions, in samewerking met Jemma Kahn
Jemma Kahn en haar minagtende *sidekick* keer terug in die opvolg van die internasionale kultustreffer *The Epicene Butcher and Other Stories for Consenting Adults* (by die 2014-KKNK benoem as beste komedie). Ses hoofsondes (ons het die vervelige een uitgelaat). Ses Suid-Afrikaanse skrywers. Ses stories wat die sondelose verlei en die onsedelike verstom. Dit is 'n rou vertolking van die antieke Japannese storievertelkultuur, *kamishibai*, in 'n Suid-Afrikaanse konteks, verweef met 'n vars en donker terugblik op eksplisiete orgiastiese seks, die dood

en alles wat tussenin skuil. Beslis nie vir kinders nie. Behalwe as jy 'n aaklige ouer is.

Afrikaans en Engels • Geen o/16 G T S N

**R100 | 70 min. | Die Parlement
13 April 11:00; 14 April 11:00; 15 April 17:00**

ZOLANI MAHOLA – ROK EN ROL**DEBUUT Kontemporêre musiek**

Met Zolani Mahola, Schalk Joubert (baskitaar), Albert Frost (kitaar) en Kevin Gibson (dromme) **Regie:** Schalk Joubert **Vervaardiger:** Schalk Joubert

Rok en rol is 'n musiekproduksie wat die rol van vrouwees in die wêreld van rock & roll beskryf en vereer. Fantastiese internasionale ikone soos Janis Joplin, Nina Simone, Tina Turner, Cyndi Lauper en plaaslike vroue soos Miriam Makeba, Brenda Fassie, Claire Johnston en Lesley Rae Dowling word gehuldig. Mahola is een van Suid-Afrika se mees geliefde en suksesvolle vroulike sterre in die musiekwêreld. 'n Span wêreldklas-musikante pak hierdie inspirerende en roerende kragtoer aan om die storie te vertel van hoe vroue hul merk in hierdie bedryf gemaak het wat aanvanklik deur mans oorheers is. Mahola se diverse sangtalent en aansteeklike verhoogpersoonlikheid sal geen luisteraar onaangeraak laat nie.

Afrikaans en Engels • Gesin

**R140 | 70 min. | Absa Burgersentrum
12 April 19:00; 13 April 10:00**

RIVIERBUURT

Beleef vermaak vir die hele gesin in die Rivierbuurt. Kuns- en kosstalletjies is volop, in Liplekker kan heerlike deli-produkte en wyn geproe word en daar is genoeg kroë en rusplek om van die Oudtshoorn-hitte te ontsnap. Die feesrestaurant by Hap-en-Tap bedien smulcos en die musiekeraanbod bied iets vir elke smaak.

Musiekverhoë in die Rivierbuurt

Sien uit na 'n groter en beter musiekeraanbod in die Rivierbuurt. Kies daagliks tussen 12:00 en 14:00 musiek by een van twee kuierverhoë, met alles van *bands* tot agtergrondmusiek. Om 16:00 skuif die musiek na die Huisgenoot-verhoog, waar van jou gunsteling en opkomende sterre 'n draai maak, voordat die aandprogram om 18:30 afskop. Elke aandprogram bring verskeie groot name saam op een verhoog. Vir die gewone prys van jou week- of dagkaartjie sien jy ál hierdie musieksterre, terwyl jy die ander lekkernye op die feesterrein geniet. Die volledige musiekprogram is binnekort by www.kknk.co.za beskikbaar. Dié wat voor in die koor (of naaste aan die verhoog) wil wees, kan teen slegs R80 'n bykomende *golden circle*-kaartjie vir die aandprogram koop en só 'n sitplek bespreek.

Afrikaans en Engels • Gesin

Weekkaartjie: R250 per persoon Dagkaartjie: R50 Kinders o/14 met ouerbegeleiding: R10 vir die fees Golden circle: R80 per vertoning (sluit nie toegang tot Rivierbuurt in nie)

WOORDKUNS**ATKV-KAMPVUUR**

Aangebied deur: Haidee Muller en Danie Marais Haidee Muller, RSG-aanbieder, en die digter Danie Marais verwelkom elke aand met sonsondergang feesgangers by hul kampvuur. Onder die Karoo-sterre kom storievertellers vanuit al die uithoeke van die land bymekaar om te kuier en verhale van heinde en verre te deel. Die snare word tussendeur getokkel en 'n glasie wyn word geklink. Beleef 'n goeie storie.

Só vat jy die volksmusiek saam met die rap

Met Hannes Coetzee (*Karoo Kitaar Blues*), Churchill Naudé, Frazer en Deniel Barry (Tribal Echo)

Dié kunstenaars is bekend as musikante, maar om die kampvuur vertel hulle die kwaaieste stories saam met warm volksmusiek en rymklets op die

maat van Oom Hannes se lepel en glykitaar.

Afrikaans • OB

R100 | 90 min. | ATKV-Kampvuur

8 April 18:30

Kom raas en melk die heilige koeie

Met Deon Maas, Schalk Bezuidenhout en Die Hooflig

Staan nader vir staaltjies uit die skadukant van die vermaaklikheidsbedryf en omstrede menings oor omstrede teorieë wat Die Hooflig laat rym met woorde uit Worcester.

Afrikaans • OB

R100 | 90 min. | ATKV-Kampvuur

09 April 18:30

Wat ons vir die oumense en die president wil sê

Met Shirmoney Rhode, Bibi Slippers en Danie du Toit (Spoegwolf)

Danie Marais vra die jong digters Shirmoney Rhode en Bibi Slippers en Danie du Toit, sanger-lirieskrywer van Spoegwolf, waar dit jeuk en wat krap. Kom luister hoe hulle stories vertel van grootword in Elsie'srivier tot Natal en hoe hulle voel oor Instagram, Ingrid Jonker, die Zuptas en Taylor Swift. Du Toit gooi tussendeur 'n paar akoestiese tunes.

Afrikaans • OB

R100 | 90 min. | ATKV-Kampvuur

10 April 18:30

Langpadliedjies en ver verhale

Met Dana Snyman, Toast Coetzer, Erns Grundling en Les Javan

Les bring sy kitar en Dana, Toast en Erns stories van hier tot diep in Afrika. Saam vertel hulle met musiek en woorde watter dele van die langpad hulle nog nooit wou los nie.

Afrikaans • OB

R100 | 90 min. | ATKV-Kampvuur

11 April 18:30

Haidee Muller se lucky dip

Met Andy Paulse, Ossie Johannes, Monica

Thomas (Nokkie) en Paul Amas Haidee reis wyd om stories vir RSG te versamel. Sy het drie van haar gunsteling-storievertellers in die wêreld genooi om hul beste verhale met haar te deel. Kom ontmoet vir Andy Paulse, digter van die Koue Bokkeveld, Oom Ossie Johannes, storieverteller van Mamre, en Monica Thomas (Nokkie), 'n boorling van Leeu-Gamka en deesdae huiswerker in Kaapstad wie se kleurrike vertellings reeds uitgegee is as *Nokkie se stories*. Paul Amas maak tussendeur musiek.

Afrikaans • OB

R100 | 90 min. | ATKV-Kampvuur

12 April 18:30

DIE HEEL MOOISTE AFRIKAANSE LIEFDESGEDIGTE

'n Ko-produksie van die Breytenbach Sentrum en die US Woordfees

Met: Waldemar Schultz en Ira Blanckenberg

Programsamestelling en regie: Juanita Swanepoel

"Dit was toentertyd I.D. du Plessis wat sy lesers vermaan het dat die liefde 'n duisend vorme kan aanneem en teen hierdie agtergrond probeer 'n mens 'n verteenwoordigende keuse doen van iets wat moontlik die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte genoem kan word," sê Fanie Olivier oor sy saamgestelde bundel *Die heel mooiste Afrikaanse liefdesgedigte*. Met die saamstel van 'n program wat weer verteenwoordigend moet wees van Olivier se keuse, raak dit nog moeiliker om reg te laat geskied aan die magdom mooiste Afrikaanse liefdesgedigte. Miskien, as ons sommige van die verse in gesprek met mekaar sit, kan ons tog die oeroue verhale van verlange, vrese, vreugde, begeerte, hartstog, skeiding, verlies, herinnering en nogmaals verlange opnuut laat leef.

Afrikaans

R110 | 55 min. | Laerskool Wesbanksaal

12 April 14:00; 14 April 14:00

GIEL SWIEGERS EN ANDER KAROO-DUIWELS DEBUUT Vertelling

Met Eric Nobbs **Vervaardiger:** Eric Nobbs

Giel Swiegers en ander Karoo-duiwels is 'n samestelling van Karoo-verhale soos vervat in die boek *In die mond van die wolf*, geskryf deur die bekoonde Paul C. Venter. Venter gebruik Giel Swiegers, aartsbedrieër en tweegatjakkals van die Paal soos gesien op kykNET in *Vlug na Egipte* en *Terug na Egipte*, as die verteller. Die unieke stories, eie aan die Karoo, wemel van interessante karakters, (sommige reeds bekend, soos Dot, Tony Fivaz en Kortjas), komiese situasies en skerp insig in die lewe en mense wat dié pragtige deel van ons land bevolk en wat Venter se werk so uiters gewild maak onder sowel die leserspubliek as die liefhebbers van dié Afrikaanse TV-reeks. En met 'n spekskieter soos Giel aan die woord kan jy enigiets verwag.

Afrikaans • Geen o/12 T

R110 | 60 min. | Griesselsaal

8 April 09:00; 9 April 15:30; 10 April 18:00;

12 April 18:30; 13 April 09:00; 14 April 15:00

IN DIE OMTES VAN DIE HART

'n US Woordfees-produksie

Met Jana Cilliers **Regie, samestelling en verwerking:** Juanita Swanepoel **Vervaardiger:** US Woordfees

'n Samestelling uit die verhale, vertellings en poësie van Petra Müller, 'n skrywer wat met soveel oorgawe haar herkoms en geborgenheid in eie bodem met ons deel. Met haar poëtiese inslag het sy die vermoë om aan die eenvoudigste verhaal onverwagse nuanses te verleen. Madeleine van Biljon noem haar " 'n pêrel in onse skrywerskroon". Müller is in 2016 deur Kunste Onbeperk met die Afrikaans Onbeperk-prys vir lewensbydrae vereer.

Afrikaans • Gesin

R110 | 60 min. | Laerskool Wesbanksaal

8 April 14:00; 09 April 11:30; 10 April 11:30

UITKAMPTEATER

Uitkampteater trek 'n uitgebreide baadjie aan in 2017. Ingesluit by die program is twee innoverende produksies van Nederlandse kortkunsspesialiste,

die Eden Dramafees se wenproduksie en opwindende werke van jong en gevestigde teatermakers. Die samestelling sorg vir 'n verskeidenheid van genres om jonk en oud te vermaak. Uitkampteater kan gesien word voor die Absa Burgersentrum en by Arbeidsgenot.

AFSNYPUNT

Drama

Met Brutney Singrew, Llewellyn Bond en Samuel Jumat **Teks:** Samuel Jumat en Llewellyn Bond **Regie:** Samuel Jumat **Tegnies:** Royston Dirk 'n Ongehoorsame en astrante jong man, Kyle, word deur sy ouers in 'n kamer toegesluit. 'n Verregaande straf, maar hy word geleidelik gewoond aan sy nuwe omgewing. Die vertrek is gevul met 'n klomp poppe. 'n Onbekende vent verskyn op die toneel, met vreemde voorstelle. Kyle weier om toe te gee, maar dan gebeur iets interessant met Kyle en een van die poppe. Wenner van die Eden Dramafees in 2016, aangebied deur die departement van kultuursake, sport en ontspanning van die Wes-Kaapse regering.

Afrikaans • Gesin

R20 | 20 min. | Voor die Absa Burgersentrum Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

DIEP

Nieverbale teater

Met Daan Mathot en Jan-Joost Alberts **Regie en teks:** Daan Mathot **Produksiehuis:** volDaan 'n Kort, nieverbale teaterproduksie wat met jou kop smokkel. Wees versigtig vir goed wat van bo na onder val. 'n Man in 'n diep gat sukkel met sy omgewing. Die omgewing is knorrig en werk op sy senuwees. Hoe sal hy ontsnap? *Diep* is 'n optiese illusie wat jou brein sal laat wankel. Dit is vars, anders en interessant.

Nieverbaal • Geen o/5

R20 | 10 min. | Voor die Absa Burgersentrum Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

DIE TORINGVROU**Poppeteater**

Met Nieke Lombard Teks, ontwerp en regie: Nico Scheepers

Die toringvrou is 'n magiese reis van herinnering en nostalgie, 'n unieke ervaring met 'n groot hart wat baie hase uit die hoed pluk om die storie te vertel. Kom verdrink in die oudste waarheid: Maak nie saak hoe jonk jy is nie, jou storie is 'n epiëse gedig.

Afrikaans • Gesin

R20 | 20 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

THE SWAN SONG**Physical theatre**

With Buhle Ngaba **Script:** Buhle Ngaba **Director:** Ilana Cilliers **Artist:** Amy Rusch **Stage Manager:** Ryan Haynes

There is an ancient belief that swans, who are usually silent, burst into song with their dying breath. The swan song is the metaphor used to describe the final gesture or performance given by an artist just before death or retirement. Actress Buhle Ngaba uses this metaphor in a solo physical theatre piece to illustrate a woman's recollection of experiencing love as an emotional and physical disease. The audience finds themselves immersed in a nest, bearing witness to the dying swan unleashing her first flood of words upon the world. *In memory of Brett Goldin.*

English • Family

R20 | 20 min. | In front of the Absa Burgersentrum
Daily 10:00 to 12:00 and 15:00 to 19:00

TWEESPALT**Narrespel**

Met Jazzara Jaslyn en Klara van Wyk
Die verhaal van twee misplaaste, ewig kibbelende sibbe, wat weggehardloop het van hul miserabele lewe in 'n wêreld van middelmatigheid. Hulle begeer om die grense van die moderne kunste te toets, en die enigste medium tot hul beskikking is

die vrugte wat hulle uit die kombuis kon steel voordat hulle weggehardloop het.

Nieverbaal • Gesin

R20 | 10 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

SANDRA SE LAASTE SHOW**Drama**

Met Igna Botha **Teks:** Igna Botha **Regie:** David Brink

Haar grootste droom was om eendag 'n ster te wees, maar sterre brand uit tussen mielies, myne en stof. Terwyl 'n ikoniese Suid-Afrikaanse aktrise 'n stowwerige verhoog betree, breek pandemonium uit oor 'n dorre stukkie van die ou Transvaal. Die skielike flits van 'n suiwer wit lig het borrelende riviere, vernietigende haelstorms en sinkende teerpaaië in die strate van Klerksdorp tot gevolg. Uit die mond van 'n paar inwoners probeer almal uitpluis wat presies daardie aand gebeur het. Is Sandra darem oukei? Het die Here 'n draai kom maak? En waar is die tannie wat die tuine uitlê?

Afrikaans • Gesin

R20 | 20 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

WENTEL**Ruimtelike Teater**

Met Sonja Volmer en Dagmar Geerlings **Konsep en ontwikkeling:** Sonja Volmer

Wentel is 'n reis wat jou onmiddellike omgewing letterlik omkeer en jou die wêreld uit 'n nuwe perspektief laat sien. Kom loop op boomtakke met behulp van 'n eenvoudige stuk gereedskap in hierdie unieke en onthutsende ervaring, wat jy nog nooit beleef het nie. *Wentel* het die eerste prys van die Royal Academy Bachelor Award in Den Haag gewen.

Engels • Geen o/5

R20 | 8 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

WORD 'N KOEI EN ONTSNAP JOU QUARTER-LIFE CRISIS**Sketskomedie**

Met Llandi Beeslaar **Regie en teks:** Llandi Beeslaar

Llandi Beeslaar is in haar laattwintigs en haar lewe lyk vreemd. Met haar hoëskoolreünie wat voorlê, is daar nie veel om oor te brag nie. Kom lag saam soos sy komiese stories deel van ouer word, vetter word en somtyds maller word.

Afrikaans en Engels • Geen o/12 T

R20 | 20 min. | Voor die Absa Burgersentrum
Daaglik 10:00 tot 12:00 en 15:00 tot 19:00

STRAATTEATER

Baron van Reedestraat is die hartklop van die KKNK en bied vanjaar opwindende kunste-aktiwiteite. Besoek Media24 se **Feeskafee** op die hoek van Baron van Reedestraat en Voortrekkerweg en kry van jou gunstelingpublikasies en aandenkings. Die immer gewilde **RSG-verhoog** sorg vir die musiek voor die C.P. Nel-museum met gewilde kunstenaars soos Die Heuwels Fantasties, Brendan Peyper, Elizma Theron, Pieter Koen, Refentse, Andriette Norman, Leah en vele ander. En die opwindende **Uitkampteater** word vir 'n tweede jaar voor die Absa Burgersentrum aangebied.

As jy lus is vir feeskos, smul aan die **Blitsbasaar** se heerlike Klein Karoo-lekkernye tussen 18:00 en 22:00, of vir 'n tradisionele restaurant-ervaring besoek Karoo Pot, Café Brulé, Headlines, Montague Huis of Spur. Daar is natuurlik ook verskeie **feeskroeë** waar jy jou dors kan les.

Om die aanbod verder aan te vul, verwelkom ons verskeie internasionale straatkunsspesialiste. Dit word boonop alles gratis aangebied. Lees meer oor die volledige straatteateraanbod hier onder.

ABSA KLIPAKTIVERING

Moontlik gemaak deur Absa

Kom neem deel aan dié projek waar Klein Karoo-klippe spesiaal geverf en daaglik buite Oudtshoorn gepak word om 'n installasie te skep. Ná die fees word dié plekspesifieke installasie deel van Oudtshoorn se kunslandskap.

Gratis | Baron van Reedestraat
Daaglik

KYK**Kunsinstallasie**

Moontlik gemaak deur kykNET

Kunstenaars: Keith Dietrich en Dérik Ruben Lourens

'n Groot installasiekunswerk word gedurende die fees in Baron van Reedestraat gebou.

Feesgangers kan die proses van die kunstenaars dophou en sien hoe hulle daaglik hierdie spesiale kunswerk oprig. Die projek is tematies gekoppel aan prosesse en ervarings van kyk en sien. Dit is gedeeltelik interaktief, met deelname van feesgangers. Maak daaglik 'n draai en kyk na hul vordering tot en met die eindproduk van dié feeshoogtepunt. Die finale kunswerk word amptelik tydens die fees bekend gestel, waarna dit 'n permanente tuiste op Oudtshoorn kry.

Gratis | Baron van Reedestraat
Daaglik

KYKNET-STRAATOPTREDES

Moontlik gemaak deur kykNET

Beleef verskillende straatoptredes en impromptu-vermaak in Baron van Reedestraat. Kunstenaars bied 'n verskeidenheid vermaak op die platforms in die straat aan. Kom sing en dans saam, en jy kan jou regmaak vir 'n verrassing of twee. 'n Grootse gebeurtenis is die aankoms van een van ons eregaste, Evita Bezuidenhout, op 10 April om 17:00. Moet dit nie misloop nie.

Gratis | Baron van Reedestraat
Daaglik 10:00 tot 20:00

MA TÊTE EST MON VILLAGE (MY HEAD IS A VILLAGE)

Moontlik gemaak deur die Vlaamse regering (België) in Suid-Afrika

Met Jan Wallyn Vervaardiger: Jan Wallyn vir ON THE ROOF vzw **Medevervaardigers:** Charlier Museum Brussels en Zinnema **Uitvoerende vervaardigers:** Jelle Coppens, Jolien Jaspers en Francesca Verbelen **Afrigter:** Julie van den Enden 'n Leë skilderdoek bedek die opvoerarea. Die tyd snel verby terwyl 'n kleurvolle lyf daaroor beweeg soos 'n kwas oor 'n skilderdoek. Onskuldige en sorgvrye kinderdae word herbesoek en herskep as 'n beskermende sambreel vir die nostalgiese volwassene. *Ma tête est mon village (My head is my village)* is 'n optrede deur die Vlaamse choreograaf Jan Wallyn, geïnspireer deur die uitstalling *La terre est mon village (The earth is my village)* van die visuele kunstenaar Hamsi Boubeker.

Gratis | Baron van Reedestraat

12 April 17:30; 13 April 10:00 en 17:30; 14 April 10:00

PELAT: BEWEEG, DIGKUNS, EWEWIG

Moontlik gemaak deur die Spaanse ambassade in Suid-Afrika, Pretoria. Oorspronklik ontwikkel met die ondersteuning van Fira Tàrrega, El Graner centre de creació del cos i el moviment, Festival Sismograf, Olot, L'Animal a l'Esquena, Trayectos danza.

Met Joan Català Regie en konsep: Joan Català *Pelat* is 'n optrede deur die bekroonde Spaanse kunstenaar Joan Català, wat die grense tussen dans, sirkus, teater, uitvoering én tussen gehoor en vertoning verwyder. 'n Natuurlike herbesoek aan tradisionele tegnieke en persoonlike herinnerings. Weens die interaksie met die gehoor is elke optrede uniek.

Gratis | Baron van Reedestraat

11 April 10:00

WALKING THE LINE

Moontlik gemaak deur die Vlaamse regering (België) in Suid-Afrika.

Program onderhewig aan verandering

Konsep en choreograaf: Benjamin Vandewalle
Fasiliteerders: Benjamin Vandewalle en Nelle Hens

Walking the Line is 'n kruisbestuiwing tussen optrede, choreografie en installasie met 'n sterk visuele impak. Dit handel oor beweging en die verbasende fisiese, sielkundige, sosiale en ruimtelike gevolge daarvan. In dié eksperimentele werk-in-wording lei die choreograaf Benjamin Vandewalle 'n groep vrywilligers in 'n reeks doelgerigte aksies: Sekere aksies is banaal, ander ongewoon. Die individuele deelnemers word een gemeenskaplike liggaam. *Walking the Line* is vloeiende choreografie wat openbare ruimtes hervorm en herinterpreteer. Dit is 'n reeks *tableaux vivants* (lewende beelde) wat die gehoor toelaat om die potensiaal van openbare ruimtes te herontdek. Vandewalle daag die gehoor uit om deel te wees van 'n groep wat letterlik uit 'n nuwe perspektief na ons alledaagse omgewing en situasies kyk.

Gratis | Baron van Reedestraat

8 April 17:30; 9 April 10:00 en 17:30; 10 April 10:00

VISUELE KUNS

Kurator: Paul Bayliss

Beleef die beste visuele kuns by vanjaar se fees. 'n Wye verskeidenheid kunstenaars wat in uiteenlopende mediums werk, stal werke uit onder die oorkoepelende tema "**Hebsug en vrees**". Die kern van visuele kuns by die 2017-KKNK is 'n spesiale uitstalling, *Die moontlikheid van sig / The Possibility of Sight*, onder kuratorskap van prof. Raimi Gbadamosi. Kom kuier in die Prince Vintcent-gebou vir visuele stimulasie en loop weg met 'n visuele belewenis en nuwe insigte. Ander uitstallings sluit in *Antonym*, *Broeigrond: Fertile Ground for Golden Regrets*, *Capturing State*, *The Dirty Penny Paradigm*, *Filmverse 2*, *Jeugtalent*, *Gold Mould*, *Inside Out / Agterstevoorum*, *Natural Selection*, *Sacred Hymns & Asphalt Prayers*, *Thanatophobia* en *The Confessional*.

Gratis | Prince Vintcent-gebou
Daagliks 09:00 – 17:00

DIE MOONTLIKHEID VAN SIG / THE POSSIBILITY OF SIGHT

Feesuitstalling

Kurator: Prof. Raimi Gbadamosi **Kunstenaars:**

Michelle Monareng, Tshego Mabaso, Tatenda Magaisa, Shenaz Mohamed, Nathaniel Sheppard, Chad Cordeiro, Matshelane Xhakaza en Matete Motubatse **Medium:** Gemeng *Die moontlikheid van sig* stel ondersoek in na die vermoë en begeerte om te sien wat op die oomblik in Suid-Afrika gebeur, en om uiting te gee aan wat gesien word. Die beste tyd om te soek na begrip van die lewe wat 'n mens persoonlik leef, is die hede, en vanuit dié perspektief te strewe na 'n haalbare, gemeenskaplike toekoms vir almal. Dit is nou die tyd om verby ironie te beweeg, om 'n nuwe betekenis en taal te soek, om waar te neem.

Gratis | Prince Vintcent-gebou

Daagliks 09:00 – 17:00

ANTONYM

Kurators: Janet Dixon and Wilhelm Vincent

Galery: ArtKaroo **Kunstenaars:** Thijs Nel, Carl Roberts, Francois Tiran, Hein Botha, Ina Marx, Janet Dixon, Wilhelm Vincent en Warren Moses

Medium: Gemengde media

Antonym, ArtKaroo se KKNK-uitstalling, ondersoek die temas van mededeelsaamheid, vrygewigheid, liefde, moed en aanvaarding. Met 'n oormaat van pessimistiese media is dit maklik om verswelg te raak in al die neerslagtige emosies. Al is dit nodig om die onaangename werklikhede van die wêreld te erken, trek negatiewe energie negatiewe energie aan. Dié uitstalling wil die fokus verskuif. *Antonym* word in jukstaposisie geplaas met die ander uitstallings wat die temas van vrees en hebsug ondersoek. Deur te delf in positiewe emosies en karaktereenskappe word daar op 'n subtiele, passiewe manier kommentaar gelewer op die tydperk van verwoesting. Dit is 'n visuele fees wat die skoonheid uitlig en as 'n manifes vir 'n beter toekoms dien.

Gratis | Prince Vintcent-gebou
Daagliks 09:00 – 19:00

BROEIGROND: FERTILE GROUND FOR GOLDEN REGRETS

Kunstenaar: Ronél de Jager **Medium:**

Skilderkuns, installasie en multimedia

Broeigrond: Fertile Ground for Golden Regrets herondersoek die bekende landskap van Suid-Afrika. Die reeks, geïnspireer deur die flora van die Karoo, tree in gesprek met die begrip van kontemplatiewe ruimtes binne die veranderende landskap. Vasgelê deur middel van 'n infrarooi fotografiese proses tydens 'n reis, skep De Jager "weergawes" van dié flora wat die kyker kan inspekteer. Deur middel van 'n nougesette, nadenkende proses gee De Jager lewe aan dié beelde in haar kenmerkende skilderstyl, terwyl sy eksperimenteer met multimedia en die transendentale en ontasbare band tussen geheue en landskap.

Gratis | Prince Vintcent-gebou

Daagliks 09:00 – 17:00

CAPTURING STATE

Kurators: Minenkulu Ngoyi en Isaac Zavale

Kunstenaars: Onder andere Vivien Kohler en Minenkulu Ngoyi **Medium:** Verskeie drukmedia

Capturing State is 'n toonkas van 'n verskeidenheid van drukwerktegnieke van verskillende kunstenaars wat afdrukke met drukwerk op papier doen. Drukwerke van sowel gevestigde en onbekende kunstenaars is te sien. Al die drukwerk word met die hand gedruk in die Prints on Paper Studio in Johannesburg. 'n Belangrike fokus van die uitstalling is eksperimentering en om deur middel van die gebruik van kleur en drukwerktegnieke grense te verskuif. Dit sluit drukwerk in wat in die donker gloei tot geriffelde drukwerke met metaalkleure. 'n Visuele ervaring van die eindelose moontlikhede wat hedendaagse drukwerkkunstenaars daagliks verken.

Gratis | Prince Vintcent-gebou

Daagliks 09:00 – 17:00

FILMVERSE 2*Aangebied deur die ATKV***Artistieke regisseur:** Diek Grobler **Medium:** Animasie

Filmverse 2 is 'n voortsetting van die ATKV se suksesvolle digkuns-animasieprojek, ten einde 12 gedigte "sigbaar" te maak. Dit sluit gedigte van ouer digters soos Elisabeth Eybers, D.J. Opperman en Boerneef in, asook werk van Nathan Trantraal, Andries Bezuidenhout en Ronelda Kamfer van die nuwer geslag digters. Gedigte van Joan Hambidge, Johann de Lange, Jeanne Goosen, Marlise Joubert en Heilna du Plooy is ook ingesluit. Dié produksie is meertalig met klankbane in Afrikaans, Engels, Zoeloe en Sesotho. *Filmverse 1* het internasionaal en plaaslik groot lof ontvang en verskeie films is internasionaal bekroon.

Gratis | Prince Vintcent-gebou**Daagliks van 09:00 – 17:00****GOLD MOULD****Kurator:** Wayne Matthews **Kunstenaar:** James Matthew Reed **Medium:** Gemeng

Gold Mould is 'n weerspieëling van James Reed se volkome en uitvoerige blik op die vrese en hebsug van die hedendaagse mens en die toenemende noodsaaklikheid vir remediërende optrede. Voorts poog dit om Reed se idiosinkratiese verbintenis met die "sosiale beeldhoukuns"-idoom vanuit 'n gelyktydige konteks bloot te lê, en die inherente moontlikhede wat so 'n uitgebreide beskouing van kuns vir sieklike sosiale en kulturele toestande inhou.

Gratis | Prince Vintcent-gebou**Daagliks 09:00 – 17:00****INSIDE OUT / AGTERSTEVOOROM****Kunstenaars:** Liberty Battson en Franli Meintjes

Medium: Motorverf op doek, keramiek, borduurwerk, hout, tou en lap
Battson en Meintjes werk saam om 'n uitstalling te skep wat as't ware agterstevoorom is. Binne die mure van Battson se groot hoëglans-werke word

Meintjes se beelde en gemengededia-kunswerke in spieëlbeeld geskep en word dit lewendig. Deur slegs direk na Battson of Meintjes se werk te kyk, is die kyker nie in staat om die uitstalling ten volle te verstaan nie. Sodra 'n mens na die weerspieëling van Meintjes se werk in Battson se kunswerke kyk, word die konsep van die uitstalling duidelik. Die uitgangspunt van die uitstalling is om die kyker aan te moedig om nie net na die kuns op sigwaarde (swart en wit) te kyk nie, maar om in te kyk tussen die twee kunstenaars se perspektiewe.

Gratis | Prince Vintcent-gebou**Daagliks van 09:00 – 17:00****NATURAL SELECTION****Kunstenaars** Hanrie Coetzee, Willie Schlecter, Marinda Combrinck, Robyn Penn, Landi Raubenheimer en Shannin Antonopoulou **Kurator:** Jeanne-Maré du Bois **Medium:** Gemeng

Natural Selection contemplates and explores the overlooked and under-appreciated aspects of our environment that, through development and urbanization, are removed from our immediate experiences of life. The collection of work is an intimate offering capturing moments lost to death, decay, or simply human ignorance. Different mediums including painting, drawing, print and sculpting collectively seek to define and apprehend its subjects and encourage quiet contemplation of an extended existence that we often do not make the time to see. *Natural Selection* challenges the boundaries between art and science and raises questions as to what constitutes an illustration as opposed to an artistic expression of the subject.

Gratis | Prince Vintcent-gebou**Daagliks vanaf 09:00 – 17:00****OVER MY DEAD BODY!****Kunstenaar:** Heidi Mielke **Medium:** Fotografiese drukwerk

As 'n visuele kunstenaar wat in 'n demokratiese Suid-Afrika ná apartheid gebore is en wat self aan vlakke van geweld blootgestel is, ondersoek *Over My Dead Body!* geweld in die land wat op geslag en kinders gemik is. Die uitstalling behels 'n

verskeidenheid handgedrukte, fotografiese drukwerktegnieke, met werke wat wissel in grootte – van klein intieme afdrukke tot lewensgrootte afdrukke. Met elke werk het Mielke geworstel met die ongemaklike terrein van trauma en geweld. Mielke het doelbewus enige verdere viktimisering en 'n sensasiewekkende benadering vermy deur bewustelik nie die identiteit van die slagoffers bekend te maak nie. Sy het die fokus van die kamera na haarself verskuif en gebruik simboliese metafore om generiese en spesifieke gevalle van geweld uit te beeld en "uit te voer". Sy gebruik natuurlike voorwerpe wat simbolies is van vervreemding of verdediging (soos skedels, hare en doringe in verwantskap met die sagtheid van die vel) om die paradoks en ongemak van geweld in verhouding tot weerloosheid uit te lig. Mielke se uitstalling bied 'n bepeinsing oor en reaksie op die onaanvaarbare vlakke van geweld, dit is 'n manier om saam met die slagoffers van mishandeling op te staan en die boodskap oor te dra wat in die titel opgesluit is: *Over my dead body!*

Gratis | Prince Vintcent-gebou**Daagliks van 09:00 – 17:00****SACRED HYMNS & ASPHALT PRAYERS****Kunstenaars:** Nhlahlhla Nhlapo en Setlamorago Mashilo **Medium:** Drukwerk en houtskool en pastel op papier

Na aanleiding van die fees se oorkoepelende tema van "hebsug en vrees" ondersoek die kunstenaars die tema aan die hand van hul eie narratief in hul onderskeie media. Nhlapo se werk (*Unearth Series*) worstel met die proses van "opgrawing" as 'n manier van uitdrukking, om die "nuwe" op te bou waarin beelde oorheenliggend geplaas word om verskeie vorme van "(un)earthed"-spanning oor te dra. Deur middel van die letterlike uitbeelding van argeologiese opgrawingsterreine, bouterreine en ander ruimtes van kulturele betekenis ontvou dié visuele proses as't ware as 'n metaforiese opgrawing van die geskiedenis, terwyl hy sy innerlike stryd te bowe probeer kom. Dié tema van vervreemding word verder gevoer en gesamentlik ondersoek in Mashilo se werk (*Boer*). Dié

beeldhouwerk, wat put uit sy vroeëre gedagterike werk, verbeeld die onderste deel van 'n borsbeeld van 'n "wit boer se hemp". Met dié omstredende verwysing stimuleer hy op 'n slim manier vroeë ooreienarskap, hebsug en toeganklikheid. Die twee kunstenaars tree in gesprek met mekaar op 'n persoonlike en gesamentlike vlak, wat aangrypend is en by tye ook astrant. Deur middel van tekening, drukwerk en beeldhouwerk is die uitstalling met omsigtigheid rondom dié konsepte saamgestel.

Gratis | Prince Vintcent-gebou**Daagliks van 09:00 – 17:00****JEUGTALENT**

Vanjaar se visuele kunsprogram sluit werke in van leerlinge uit ons omgewing. Jong aspirantkunstenaars kry 'n geleentheid om werke in te stuur vir oorweging en die beste word gekies om deel van kunsuitstallings in die Prince Vintcent-gebou te vorm. Beleef kunswerke van ons volgende generasie visuele kunstenaars. Hou ons webblad dop vir meer inligting.

Gratis | Prince Vintcent-gebou**Daagliks van 09:00 – 17:00****THANATOPHOBIA****Kurator:** Dead Bunny Society **Kunstenaars:**

Johan Thom, Wayne Matthews, Alison Jean Shaw, Laetitia Lups, Chris Slabber, Alexia Cocolas, Stefanie Langenhoven, Maaïke Bakker, Dirk Bahmann, Neil Nieuwoudt, Stephan Erasmus, Christiaan Diedericks, Guy du Toit, Minien Hattingh, Elrie Joubert, Frederick Clarke, Meëk Meëk en Stephen Rosin **Medium:** Gemeng
Die vrees vir die dood is 'n oervrees. Dit spruit uit die inherente instink om te probeer oorleef. In reaksie op 'n bedreiging sal 'n individu outomaties al sy/haar kragte inspan en veg of vlug. Die algemeenste strategie om dit te beheer, is om dit te ontken en te onderdruk. Dié ontkenning neem verskeie vorme aan: maniese feesvieringe; die ontstaan van ingewikkelde geloofstelsels wat 'n lewe ná die dood veronderstel; die pogings om rykdom na te jaag om die illusie van blywendheid

te skep; die voortgesette ontwikkeling op die gebied van mediese sorg en genetica om lewensverwachting te verhoog; die versugting na mag as 'n manier om beheer uit te oefen oor jou omgewing. Dit lei uiteindelik tot die onvermydelike – om gewelddadige mag oor ander in te span as 'n manier om in beheer van lewe en dood te wees. Maar alle pogings om die meedoënlose golf van die dood te stuit, was en sal vergeefs wees. Dié uitstalling poog om die dood in die oë te staar en dit liefderyk te omhels as 'n wesentlike deel van die menslike toestand.

Gratis | Prince Vintcent-gebou
Daaglik van 09:00 – 17:00

THE DIRTY PENNY PARADIGM

Kunstenaars: Verskeie kunstenaars **Medium:** Gemeng

“My life is but a dirty penny that is only valued because it is the only one. My life is but a 10 rand note that can be used only because there may be change.” – Zindzi Mandela. Hebsug lei tot meer hebsug – 'n voortdurende bouse kringloop. Hebsug is ook die wortel van vrees – vrees vir die verlies aan rykdom en mag. Die antiese van rykdom is armoede. Armoede is die regstreekse gevolg van hebsug, en hoe meer hebsug daar in die wêreld is, hoe meer sal armoede die oorhand kry. Dié uitstalling ondersoek die gevolge van hebsug en vrees wat mense daaglik ervaar.

Gratis | Prince Vintcent-gebou
Daaglik van 09:00 – 17:00

THE CONFSSIONAL

Kurator: Liberty Battson **Kunstenaars:** Luyanda Zindela, Francois Knoetze, Kai Lossgott, Kevin Irungu, Andrew Mwini Mutuku, Shenaz Mahomed, Louis de Villiers (Skullboy), Lebo Rasenyalo, Nompumelelo Ngoma, Heidi Mielke, Fleur de Bondt, Sophia van Wyk, Jaco van Schalkwyk, Pauline Gutter, Sandy Harris, Peter Mammes, Franli Meintjes, Daandrey Steyn, Martyn Schickerling en Nina Liebenberg **Galery:** Absa Galery **Medium:** Digitaal

The Confessional is 'n groeputstalling met bekroonde kunstenaars wat met die Absa L'Atelier-kompetisie geassosieer word. Die uitgangspunt van die uitstalling is dat voorste Afrika-kunstenaars onderwerpe verbeeld wat die meeste op Google gesoek word. Elke werk op die uitstalling sal 'n kunstenaar se persoonlike belydenis wees binne die raamwerk van Google se topstatistiek. Gesamentlik sal hierdie onderwerpe uitgedruk word binne die konteks van die kunstenaars se eie hebsug en vrees. Liberty Battson, die algehele wenner van 2014 se Absa L'Atelier, is die kurator. 'n Oudio-CD van *The Confessional* sal te koop wees.

Gratis | Prince Vintcent-gebou
Daaglik van 09:00 – 17:00

KINDERVERMAAK

Arbeidsgenot is die nuwe bymekaarkomplek vir jong feesgangers, waar hulle kortkuns kan beleef met vier Uitkampteater-optredes, asook poppeteater en opwindende 3D-kindervertonings. Interaktiewe aktiwiteite en installasies verskaf deur die dag hope pret en vermaak met verskeie karakters en gunsteling wat kom kuier.

CRAFTY KIDS

Met Elana-Marié Snyman, Amanda le Roux en Frida Louw
By Crafty Kids raak kinders speel-speel kreatief en maak speelgoed, versierings en geskenke wat ná elke klas huis toe geneem kan word. Heerlike aktiwiteite word aangebied om kinders besig te hou. Nuwe tegnieke kan deur die verskillende projekte geleer word. Daar word met 'n verskeidenheid kunsmateriale gewerk soos papier, wol, verf en klei. Ons stimuleer kinders om kreatief te dink in 'n heerlike uitspanne atmosfeer. Ouers kan ontspan terwyl hul kinders in ons sorg is – so, kom deel in die pret!

Afrikaans en Engels • Geen o/5
R100 | 60 min. | By die ATKV-Neelsie Teater
Daaglik 10:00; 12:00; 15:00

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN ANDRIES ANDERS

DEBUUT

Met Gerrit Fourie, Pieter-Dirk Steyn, Charl Henning, Willem Esterhuysen, Berlie Swart, Marnus Nel en Franco de Wet **Teks en regie:** C.W. Laten en Nic Beukes

Reis saam op hierdie seeroweravontuur vir kinders. Seerowerverhale word met 'n vars aanslag vertel, met die doel om avontuurlustigheid onder kinders aan te moedig en te prikkel. Vermaaklike karakters, ligte komedie en swaardgevegte vertel 'n storie van vriendskap en ander kwessies soos diefstal. Aangebied deur professionele en opkomende kunstenaars en dramastudente van die Universiteit van die Vrystaat.

Afrikaans • Geen o/5 OB
R70 | 40 min. | ATKV-Neelsie Teater
13 April 09:00; 14 April 11:00; 15 April 14:00

DIE ONWAARSKYNLIKE VERHAAL VAN MIKO

Met Elisha Zeeman, Marelize Viljoen, Anoecha Krüger en Andrico Goosen **Regie:** Marguerite du Bois **Teks:** Elisha Zeeman **Stelontwerp:** Andrico Goosen **Musiekregie:** Talita Beyl **Tegnies:** Jako Beyleveld

Miko, 'n kind wat sonder 'n regterpinkie gebore is, verdwyn spoorloos uit Moegoeberg se hospitaal, oomblikke ná sy geboorte. Die verhaal volg sy lewe nadat hy in Mevrouw Molle, die armste dame in Sesde Laan, se potplant gevind word. Nege jaar later ontmoet hy vir Zimon Brandt – Zef en Zinovia se oorgewig seun. Zef en Zinovia sweer Zimon die dood voor die oë as hy ooit weer die “kind wat daar onder bly” kontak, want Zef en Zinovia is baie belangrike mense. Eendag sluit Zef en Zinovia vir Zimon toe, maar Zimon ontsnap en gaan vind vir Miko. Die hele dorp is op soek na hulle en toe die dokter hulle uiteindelik in 'n boom vind, maak hy 'n onwaarskynlike ontdekking.

Afrikaans • Gesin
R70 | 40 min. | ATKV-Neelsie Teater
8 April 14:00; 9 April 11:00; 10 April 09:00

DIE PRINSE EN DIE ERTJIE

Met Emile Tredoux, Elanza Swart, Almar Müller, Liezel Swartz, Isak van Zyl en Lara Hattingh **Teks en regie:** Schalk van der Merwe **Musiek:** Stephan Bezuidenhout

Almal is uitgenooi na die kaskenades van die jaloerse koningin Drestia, wat enigiets sal doen om haar seun, prins Max, te beskerm. Soms doen sy net té veel. Wanneer 'n natgereënde prinses Flavia by die paleisdeur opdaag, moet Drestia planne maak voordat Max en Flavia verlief raak. Hierdie klassieke sprokie word op 'n vars en opwindende wyse aangebied deur die Sentrum vir Dramatiese Kunste van die Universiteit Stellenbosch. Schalk van der Merwe se *Die slapende skoonheid* is in 2008 met die Kanna vir beste prestasie in kinderteater bekroon.

Afrikaans • Gesin
R70 | 40 min. | ATKV-Neelsie Teater
10 April 11:00; 11 April 09:00; 12 April 11:00

DINOSAURUS-SAFARI

Met Liena van der Merwe, Anso van Eeden, Ané van den Berg en Lize Bosman **Teks en regie:** Liena van der Merwe

Daar word 'n dinosauruseier tydens die KKNK gevind en die wildbewaarder, Salientjie, moet bontstaan om vroe van die nuuskierige eNuuS-joernalis te beantwoord. Sal die eier nog uitbroei en watter soort dinosaurus sal dit wees? Salientjie moet dit beskerm, want 'n joernalis wil dit steel en verkoop. Sy het egter 'n groter geheim – daar is nóg dinosourusse. Kom ontmoet die kleurblynde diva van 'n T-rex, Rexien, 'n trikeratops, Pups, wat net DSTV wil kyk en 'n hiperaktiewe stegosaurus, Stekkels. Gaan saam met hulle op 'n safari met opwindende musiek, dans en 'n humoristiese teks, wat jou tone laat krul van lekkerte. Kom kyk of hierdie klomp die laaste dinosauruseier sal kan red.

Afrikaans • Gesin
R70 | 40 min. | ATKV-Neelsie Teater
13 April 14:00; 14 April 14:00; 15 April 09:00

KLIKKERLAND – POETSE, PLANNE EN PRET**Met** Marinda Fourie en Carina Beukes **Teks:**

Marinda Fourie en Carina Beukes
Kom kuier in die Klikkerhuis saam met die kleurvolle Klikkerlanders. Hulle dae is vol poetse, planne en pret. In hierdie maltrap-avontuur ontsnap 'n paar veldmuise in die Klikkerhuis en maak groot amok. Een van die Klikkerlanders leer dat die ou gesegde dat "slim soms sy baas vang" baie waar is en verskeie poetse en misverstande veroorsaak groot konsternasie. Die Klikkerlanders benodig die hulp van maats in die gehoor om 'n raaisel op te los. 'n Avontuurlustige Klikkerlander is seker hy is gereed om te vlieg in sy vliegstoel en die kinders leer saam met die Klikkerlanders dat elkeen spesiaal is. Die gehoor voel deel van die aksie en verlaat die produksie met 'n ligter hart. Kom kuier, lag, sing en dans saam in Klikkerland.

Afrikaans • Gesin**R70 | 40 min. | ATKV-Neelsie Teater****11 April 11:00; 15 April 11:00****LOLLOS 9 MALLEMEULE!****DEBUUT Kindertheater**

Met Benjiman Jacobs, Elizna Vermeulen, Redione Stephens en Linecia Matthee-Daniels **Regie en teks:** Minki Burger **Verhoogbestuurder:** Liezl Hendricks **Vervaardiger:** Lollos Productions
Willa die Gorilla het vir Lollos en Lettie uitgenooi vir ete, maar hy háát dit as iemand laat is. Willa is die baas van Aapstertbos, 'n wonderlike pretpark met 'n Tuimeltrein en 'n Wolkie Wiel en alles wat lekker is. Lollos, Lettie, Disco en Karla bestee die hele dag in die park en geniet die speletjies en pretritte terdeë, terwyl hulle nuwe liedjies sing soos *Voer die varkie vet*, *Woep-Wap* en *Lalalollie* – maar sal hulle onthou om betyds te wees vir hulle afspraak?

Afrikaans • Gesin**R70 | 45 min. | By die ATKV-Kampvuur****08 April 09:00****TECHNOPOP****Poppekas****Met** Lancea Crafford en Daniel Wolmarans **Teks:** Lancea Crafford **Regie en ontwerp:** Elana-Marié Snyman **Vervaardiger:** Kreasie

Die nuutste toep, wat ál jōu drome bewaarheid, is bekend gestel. Maar die kuberkrimineel Tegno Tekkie laat almal neus-in-die-toep agter hom aanloop, tot hy skielik verdwyn en daar algehele chaos losbars. Sal Antie Virus kan help? Moenie hierdie opwindende poppekas, vir oud en jonk, misloop nie.

Afrikaans, Engels en Xhosa • Gesin**R70 | 40 min. | ATKV-Neelsie Teater****8 April 11:00; 9 April 14:00; 10 April 14:00;****12 April 14:00; 14 April 09:00****UITKAMPTEATER VIR DIE JONGSPAN**

Uitkampteater bied vanjaar vier opwindende kortkuns-produksies vir kinders. Maak seker jy vat die kleinspan om teater in dié formaat te beleef.

Cindershoeler**Physical theatre****With** Jurgen McEwan, Caleb Peter and Kurt Jonas **Director:** Chenal Kock

Once upon a time in a small village a little girl went hunting, not knowing what to expect, when her journey started to magically unfold. The journey begins and ends like every story, but do the different shoes waiting on her journey bring a twist to her adventure? Let's find out what Cindershoeler is up to. *Cindershoeler* is a children's theatre piece that explores an adventurous world of physical fantasy.

English • Family**R20 | 20 min | By die ATKV-Neelsie Teater****Daily from 09:30 to 15:00****In die woud****Nieverbale teater****Met** Jurgen McEwan, Caleb Peter en Kurt Jonas **Regie:** Chenal Kock

Dié uitsonderlike ervaring neem jong gehore op 'n nieverbale reis deur die natuur. Kom saam op hierdie ontdekkingstog, waar natuurlike klanke in die storie verweef word om 'n droomwêreld te skep.

Gesin**R20 | 20 min. | By die ATKV-Neelsie Teater****Daagliks van 09:30 tot 15:00****Kattekwaad****Kindertheater****Met** Chanmari Erasmus, Neliën Smith en Schoemé Grobler **Teks, regie en ontwerp:**PuppeTrix **Musiek:** Angelo Mockie

Hoofnuus vandag: Sylvester, die Karoo se rondloperleeu, is in die spervuur. By die hof heers daar 'n gespanne atmosfeer. Die beroemde rondloperleeu en sy handlanger getuig van onvergeetlike avonture, maar wat sê die hof? Is Sylvester skuldig of onskuldig? Kom loer in en besluit self.

Afrikaans • Gesin**R20 | 20 min. | By die ATKV-Neelsie Teater****Daagliks van 09:30 tot 15:00****Nóg meer Kattekwaad****Kindertheater****Met** Chanmari Erasmus, Neliën Smith en Schoemé Grobler **Teks, regie en ontwerp:**PuppeTrix **Musiek:** Angelo Mockie

Sylvester se grootste vyand is weer op sy spoor. Is die kattekwaad werklik verby of gaan 'n nuwe avontuur begin?

Afrikaans • Gesin**R20 | 20 min. | By die ATKV-Neelsie Teater****Daagliks van 09:30 tot 15:00****WIT ROSIE, ROOI ROSIE****Met** Eianza Swart, Almar Müller, Liezel Swartz, Emile Tredoux en Lara Hattingh **Teks:** Schalk van der Merwe **Regie:** Petrus du Preez **Vervaardiger:** Sentrum vir Dramatiese Kunste

Beleef die avonture van die twee sussies, Wit Rosie en Rooi Rosie, en ontmoet die vriendelike Bertus Beer en afskuwelike Drako Dwerg. Vind uit

wat ons maats se tone laat klap vir lekker danspassies en help ons helde om hul ware liefdes te vind. Hierdie klassieke sprokie word op 'n vars en opwindende wyse aangebied deur die Sentrum vir Dramatiese Kunste van die Universiteit Stellenbosch. Schalk van der Merwe se *Die slapende skoonheid* is in 2008 met die Kanna vir beste prestasie in kindertheater bekroon.

Afrikaans • Gesin**R70 | 40 min. | ATKV-Neelsie Teater****11 April 14:00; 12 April 09:00; 13 April 11:00****GESPREEKKE****BOEKGESPREKKE****Aangebied deur** Daniel Hugo

Daniel Hugo, bekende digter en vertaler, het 'n propvol boekeprogram saamgestel. Feesgangers kan daagliks gesprekke met skrywers oor hul nuutste publikasies in die ATKV-Boeke-oase bywoon. Kom luister na die kreatiewe denkers en hul prosesse.

Die Grensoorlog herbelig**Met** Willem Steenkamp en Daniel Hugo (gespreksleier)

Die Grensoorlog het van 1966 tot 1989 geduur. Dit was Suid-Afrika se langste oorlog, waaroor daar steeds talle wanopvattinge bestaan. Wie was die wenner? Was daar 'n wenner? *Suid-Afrika se Grensoorlog* is die eerste keer in 1989 gepubliseer en was 'n topverkoper. Die hersiene weergawe van hierdie boek plaas 'n klomp nuwe feite op die tafel oor 'n waterskeidingsgebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase**8 April 11:00****Kaapse kookkuns****Met** Koelsoem Kamalie en Flori Schrikker saam met Marlene Malan (gespreksleier)

Hulle was hul lewe lank net ma's en eggenote wat hul huisgesinne bederf het met lekker etes. Maar toe word hulle ontdek toe hulle hul "reseppies" met

die volk op RSG deel. Die mediamense bel, die kameraligte flits en – die heel ergste: “Onse gesigte verskyn toe mos oppie *billboards!*” Na die oorweldigende sukses van *Kook saam Kaaps* is daar nou ook *Soettand*.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
8 April 14:00

Joernaliste wat boeke skryf

Met Heindrich Wyngaard (Zephany Nurse), Carla van der Spuy (Amor van der Westhuyzen) en Marlene Malan (gespreksleier)

Joernaliste floreer op “lekker” stories eerder as “mooi” stories. Wyngaard (*A Home for Zephany*) en Van der Spuy (*Mishandel, misbruik, misken: Joey Haarhoff was my ma*) se verhaale is allesbehalwe “mooi”. Dié stories oor die donker kant van die mens se psige is boonop *scoops* – daardie magiese woord wat elke joernalis se hart vinniger laat klop. En natuurlik om die storie agter die storie te kry, daardie een wat geen ander joernalis kon “loskry” nie.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
9 April 11:00

Misdaadskrywers op die kruin van die golf

Met Chanette Paul en Deon Meyer saam met Tertius Kapp (gespreksleier)

Afrikaans het die afgelope jare ’n ongekende oplewing van misdaadromans en spanningsfiksie beleef. Paul en Meyer se boeke is topverkopers, en dis asof lesers net nie genoeg kan kry van donker verhaale oor bedrog, moord en vergelding nie. Het ons die kruin van die golf bereik? Is daar nog iets nuuts te vertel? Is Afrikaanse lesers naby die versadigingspunt van misdaadverhaale? Of is ons aanbod so uitstekend dat méér misdaadskrywers nou die internasionale mark gaan betree?

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
9 April 14:00

Skrywers op pad

Met Erns Grundling (*Elders*) en Dana Snyman (*Op pad*) saam met Daniel Hugo (gespreksleier)

Die een skrywer het internasionaal gereis, die ander verkies reise in sy eie land. Die een kyk na die groter prentjie van die mens se soeke na betekenis, die ander skep klein onthou-oomblikke wanneer sy pad met dié van onbekendes kruis. Die een soek perspektief op ’n roete wat jaarliks duisende pelgrims van regoor die wêreld lok, die ander een vind verhaale agter elke klip en elke bos op onbekende agterpaaie in sy tuisland.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
10 April 11:00

Twee Kaapse digters

Met Shirmoney Rhode (*Nomme 20 Delphi straat*) en Gaireyah Fredericks (*Kaaps is Hollands*) saam met Daniel Hugo (gespreksleier)

Twee digters demonstreer hoe doodgewone dinge en die *ordinary* lewens van “kalit mense” in hul monde *performance poetry* word – want “Kaaps het sy eie style”. Kom luister na hierdie bekkige mondstukke van hul gemeenskappe.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
10 April 14:00

Na aan my hart – Lina Spies

Met Lina Spies en Daniel Hugo (gespreksleier)

Spies se jongste bundel, *Sulamiet*, handel oor die bekende temas wat haar na aan die hart lê en haar die afgelope vyf dekades so ’n geliefde digter gemaak het. Die liefde, die Boland, Christenskap, Emily Dickinson en haar bedreigde taal kom alles op ’n boeiende manier aan die bod.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
11 April 11:00

Waarom word so min dramatekste gepubliseer?

Met Tertius Kapp (dramaturg en uitgewer), Nicol Stassen (uitgewer) en Marthinus Basson (regisseur)

Die publikasie van dramas in Suid-Afrika “is op sterwe na dood”, volgens Stassen. Dit word nie meer voorgeskryf nie, dit word bykans nie geresenseer nie. Wat gaan die Suid-Afrikaanse uitgewerswese doen om erkenning te gee aan ons

puik dramaturge en hul werk op te teken? Word dramas wel nog van tyd tot tyd uitgegee, bloot om letterkundige pryse te wen?

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
11 April 14:00

Twee Anglo-Boereoorlogbiografieë

Met Carel van der Merwe (Eugène Marais), Elsabé Brits (Emily Hobhouse) en Daniel Hugo (gespreksleier)

Van der Merwe (*Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog*) en Brits (*Emily Hobhouse*) volg die spoor van twee enigmatiese mense wat ’n onmiskenbare band met die Anglo-Boereoorlog gehad het. Van der Merwe onthul Marais se duister bedrywighede vóór, tydens en ná die stryd tussen Boer en Brit; en Brits loop in die voetspore van die pasifistiese Hobhouse – tot in Kanada, waar sy hierdie heldin uit die vreemde se handgeskrewe notas ontdek het.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
12 April 11:00

Twee gevierde Ladismithers

Met Abraham H. de Vries (80), Peter Veldsman (75) en Wium van Zyl (gespreksleier)

Die Klein Karoo het ’n deurslaggewende rol gespeel in hul lewens en loopbane: De Vries as kortverhaalskrywer en Veldsman as kosskrywer. Maar hulle is ook storievertellers by uitstek – smaaklike, sappige, souserige, kleurvolle stories van mense en hul dinge. Met Ladismith en die Klein Karoo wat soos ’n goue draad deur hierdie vertelkuns loop.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
12 April 14:00

Giliomee – taalaktivis en historikus

Met Hermann Giliomee en Daniel Hugo (gespreksleier)

Giliomee is ’n aktuele historikus met ’n grondige kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en ’n geloofwaardige aktivis vir Afrikaans. Sy bedaadheid het nog altyd respek afgedwing – selfs by dié wat nie met hom saamstem nie.

Giliomee se lewe het interessante draaie gemaak as professor by Ikeys, Maties en in die buiteland. Hy vertel daarvan in sy jongste boek, *Historikus – ’n Outobiografie*.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
13 April 11:00

Melk die heilige koeie

Met Deon Maas en Marianne Thamm (gespreksleier)

Afrikaners is ’n groep wat soveel menings het as wat daar lede in die groep is – heilige, onaantasbare menings. Maar kan jy as ’n Afrikaner ’n slag jou onwrikbare opinie ’n bietjie in heroerweging neem? Effens terugstaan en objektief na jouself en jou groep kyk? Selfs ’n bietjie lag vir jouself... en minder vir “die ander”? Maas en Thamm, albei skrywers en joernaliste met sterk menings, kyk of hulle oor éniets kan saamstem.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
13 April 14:00

Die Boereoorlogdagboek van Anna Barry

Met Ena Jansen (redakteur) en Hermann Giliomee (gespreksleier)

Ons Japie: Die Boereoorlog dagboek van Anna Barry vertel die verhaal van ’n jong meisie se verskeurdheid oor haar oorlogservaring. Sy staan tussen haar broer, Japie, ’n begeesterde soldaat wat as krygsgevangene op Ceylon sterf, en haar pa, ’n gerespekteerde veldkornet – maar dan lê hy ’n eed van neutraliteit af.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
14 April 11:00

Van Hitler en Verwoerd tot Mandela

Met Marianne Thamm en Heindrich Wyngaard (gespreksleier)

Hitler, Verwoerd, Mandela and Me fokus op Thamm se eiesoortige belewenisse oor dekades heen. Haar pa was Duits, haar ma Portugees. Sy is in Suid-Afrika gebore en het tussen Afrikaanssprekendes grootgeword. Dis die verhaal van ’n pa en sy dogter, oor die spoke van die

geskiedenis, oor gesinsverhoudings en vergifnis. Thamm, uitgesproke en snaaks, vertel hoe haar grootwordjare haar menings en lewensuitkyk beïnvloed het.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
14 April 14:00

Stedelike huiswerkers in Suid-Afrikaanse tekste

Met Ena Jansen en Hannes Visser (gespreksleier) "Huisbediendes" is deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Hulle word as 't ware gesinslede en beleef dikwels dekades lank die wel en wee van verskillende geslagte van een familie. In *Soos familie* kyk Jansen na die lewe van sowat honderd huiswerkers in stedelike huishoudings – vroue wat soms verskeur is tussen hul eie gesinne en dié van die mense vir wie hulle werk. Jansen se bekroonde studie het ontstaan toe sy begin belangstel het in die rol van Krotoa (herdoop tot Eva) in Jan van Riebeeck se huishouding.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
15 April 11:00

Blik op Suid-Afrika van binne en buite

Met Eben Venter en Daniel Hugo (gespreksleier) *Met Wolf, wolf en Horrelpoot (Trencherman)* word Venter, met sy een voet in Suid-Afrika en die ander in Australië, nou internasionaal erken. *Wolf, wolf* vertel die verhaal van die werklikheid van die "nuwe Suid-Afrika", maar ook van 'n nuwe geslag wat die soms benouende uitkyk van die ou Afrikanerdom moes afskud. *Horrelpoot* skep 'n werklikheid van 'n post-apokaliptiese Suid-Afrika. Albei romans ondersoek temas van kleur, politiek en ontnugtering. En van lig teenoor donker.

Gratis | 60 min. | ATKV-Boeke-oase
15 April 14:00

DIE BURGER PRAAT SAAM

Aangebied deur: Waldimar Pelser en Ivor Price Waldimar Pelser, redakteur van *Rapport*, en die joernalis Ivor Price lei 'n gespreksreeks waar brandpunte bespreek word. Sosiale, politieke en hartskwessies word hier uitgepak deur panele van

kenners, maar ons wil jou opinie hoor, so kom praat saam. Kwessies wat bespreek word, sluit in Suid-Afrikaanse politiek, Afrikaans, kerke en klasgelde.

Voorsate se nalatenskap

Met Willemien Brümmer en Dan Plaatje **Aangebied deur** Ivor Price Brümmer (nasaat van C.J. Langenhoven) en Plaatje (nasaat van Sol Plaatje) praat prontuit oor hul invloed, erfenis en drome vir Suid-Afrika. Hul voorsate se nalatenskap ontlok dikwels gemengde gevoelens. Is dit 'n juk wat hulle eerder sou wou afskud, of is hulle trots op die bloed wat in hulle are vloei?

Afrikaans en Engels | Gesin
Gratis | 60 min. | Feeskafee
8 April 09:00

Suid-Afrika ná Zuma

Met dr. Mathews Phosa (prokureur en politikus) en Mzwanele Manyi (president van die Progressive Professionals Forum) **Aangebied deur** Waldimar Pelser President Jacob Zuma waai weldra en sy opvolger word vanjaar gekies. Wie is die voorlopers? En kan die skade van sy termyn ongedaan gemaak word deur bloot 'n nuwe ANC-leier aan te wys?

Afrikaans en Engels | Gesin
Gratis | 60 min. | Feeskafee
9 April 09:00

Are we winning the fight against corruption in South Africa?

Presented by Waldimar Pelser Are we failing – or does the daily fight against corruption by ordinary South Africans give hope for the future? Questions are answered regarding the state of South Africa's democratic institutions and a view on the future is presented.

Afrikaans and English | Family
Free | 60 min | Feeskafee
10 April 09:00

#FeesMustFall en die toekoms van Suid-Afrika se universiteite

Met Alida Kok (politieke wetenskaplike en dosent aan Unisa) en Piet le Roux (akademiese hoof van Akademia) **Aangebied deur** Waldimar Pelser Het die #FeesMustFall-opstande ons universiteite wakker geskud – of waaksaal toe gestuur? Ons paneel bekyk die impak van die verpolitiserings van die akademie.

Afrikaans en Engels | Gesin
Gratis | 60 min. | Feeskafee
11 April 09:00

Trump en nasionalisme

Met o.a. dr. Leon Schreiber (senior navorsings spesialis aan Princeton Universiteit) en dr. Lindie Koorts (historikus en skrywer) **Aangebied deur** Waldimar Pelser Die heersende establishment word oral uitgedaag. Is dit wat ons in Amerika, Europa en selfs Suid-Afrika sien 'n nuwe nasionalisme, en wat kan die gevolge van hierdie revolusies in die klein wees?

Afrikaans en Engels | Gesin
Gratis | 60 min. | Feeskafee
12 April 09:00

Is dit tyd vir 'n nuwe volkslied?

Met Deon Maas (skrywer, joernalis en mediapersoonlikheid), Dennis Cruywagen (joernalis, politieke kommentator en skrywer) en Max du Preez (joernalis, politieke kommentator en skrywer) **Aangebied deur** Ivor Price Te midde van politieke hoogdrama is daar opnuut oproepe vir 'n nuwe volkslied wat Suid-Afrikaners kan verenig. Baie reken *Nkosi Sikelel' iAfrika* was 'n oorhaastige kompromie wat nie regtig die land verenig nie, en eis boonop dat daar weggedoen moet word met *Die Stem*, wat op Oudtshoorn geskryf is.

Afrikaans en Engels | Gesin
Gratis | 60 min. | Feeskafee
13 April 09:00

Die wit elite en die ekonomie

Met dr. Theuns Eloff (voorsitter van die F.W. de Klerk-stigting), Bernard Joseph (voorsitter van die EFF in die Wes-Kaap) en Dawie Roodt (hoofekonoom van die Efficient Groep) **Aangebied deur** Ivor Price Die ekonoom en politieke analis Moeletsi Mbeki het 'n knuppel in die hoenderhok gegooi deur aan te voer dat die ekonomie nie regtig in die wit elite se hande is nie. In teenstelling hiermee hou die EFF vol dat "witmonopoliekapitaal" die land se grootste vyand is.

Afrikaans en Engels | Gesin
Gratis | 60 min. | Feeskafee
14 April 09:00

Wanneer 'n geliefde sterf

Met Yolande Korkie (skrywer en weduwee van Pierre Korkie) en Jawaahier Petersen (dogter van wyle Taliep Petersen) **Aangebied deur** Ivor Price Hoe kyk 'n mens weer die wêreld in die oë ná die dood van 'n geliefde? Hoe gemaak as al die mooi herinneringe jou stadig maar seker onderkry? En hoe beïnvloed die herinneringe jou visie vir die toekoms?

Afrikaans en Engels | Gesin
Gratis | 60 min. | Feeskafee
15 April 09:00

KWÊLA-GESPREKKE

Aangebied deur Hannes van Wyk Hannes van Wyk, bekende akteur en aanbieder, gesels daagliks op die bank met kunstenaars en kundiges in die bedryf. Vra vrae en neem deel aan die gesprekke in die Absa Kuierkamer.

Afrikaans en Engels • Gesin
Gratis | 60 min. | Absa Kuierkamer
Daagliks 10:30

Saterdag, 8 April 10:30

Met o.a. Lizz Meiring, Frank Opperman, Jana Cilliers, Chris van Niekerk en Margit Meyer-Rödenbeck **Aangebied deur** Hannes van Wyk Hannes gesels met van ons groot geeste in die vermaaklikheids-wêreld oor die vermoë van akteurs

om enige rol te vertolk (al dan nie). Is daar iets soos *typcasting* en word sommige akteurs “voorgetrek”? Moet ’n mens deurlopend jou eie werk skep of is daar genoeg werk?

Sondag, 9 April 10:30

Met o.a. Esther von Waltsleben **Aangebied deur** Hannes van Wyk
Hannes gesels met van ons land se voorste komediante oor wat hulle laat lag. Is hulle vir hulself snaaks en wat maak ’n komedie suksesvol?

Maandag, 10 April 10:30

Met o.a. Deon Meyer en David Kramer **Aangebied deur** Hannes van Wyk
Hannes gesels met die bekende skrywer Deon Meyer oor sy loopbaan en wat dit verg om suksesvol te wees. Meyer se rolprent *Jagveld* word bespreek en van die akteurs sluit by die gesprek aan. Kramer kuier ook op die bank om te gesels oor *Amper Famous*, die eerste Afrikaanse hip-hop-musiekblyspel, waarvan hy die regisseur, vervaardiger en medeskrywer is.

Dinsdag, 11 April 10:30

Met o.a. Sandra Prinsloo, Gerben Kamper, Tobie Cronjé, Ivan Botha, Donnalee Roberts en Elvis Blue **Aangebied deur** Hannes van Wyk
Hannes gesels met Kamper en Cronjé (*Ooms*), Botha en Roberts (*Beurkrag*), Sandra Prinsloo (*Moedertaal* en *So ry Miss Daisy*) en Blue (*Elvis Blue – Kaa!*). Die gehoor leer ’n ander kant van dié akteurs ken en hoor by albei generasies of dinge in 2017 makliker of moeiliker is.

Woensdag, 12 April 10:30

Met o.a. Amalia Uys, De Klerk Oelofse, Jacques Bessenger en Haidee Muller **Aangebied deur** Hannes van Wyk
Hannes praat met die RSG-joernalis Haidee Muller en die akteurs oor die belangrikheid (of nie) van publisiteit en mediablootstelling, of akteurs “openbare besit” is en of ’n kunstenaar ’n rakkleefyd het.

Donderdag, 13 April 10:30

Met o.a. Anna-Mart van der Merwe en Deon Lotz **Aangebied deur** Hannes van Wyk
Hannes pols die akteurs oor wat hulle so suksesvol maak. Is dit talent, geluk en/of harde werk? Hulle gesels ook oor gehore en wat gehore wil sien. Neem deel aan die gesprek en vertel van jou teatervoorkeure.

Vrydag, 14 April 10:30

Met o.a. Pieter-Dirk Uys, Ludwig Binge en Tinarie van Wyk Loots **Aangebied deur** Hannes van Wyk
Hannes gesels met sy gaste oor die kunstebedryf in die algemeen en wil weet of dit is wat hulle verag het toe hulle die loopbaan gekies het. Pieter-Dirk Uys gee raad vir die jonger generasie en vertel hoe hy dit reggekry het om so suksesvol en gewild te wees.

Saterdag, 15 April 10:30

Met o.a. Antoinette Kellermann en Gideon Lombard **Aangebied deur** Hannes van Wyk
Hannes gesels met Kellermann (*Asem*) en Lombard (*Die reuk van appels*) oor hoe sensitiewe onderwerpe op die verhoog benader word. Daar word ook gekyk na die uitdagings van verhoog versus televisie en rolprente.

TEATERGESPREKKE

Asem

Gespreksleier: Heike Gehring
Reza de Wet, wat vyf jaar gelede oorlede is, word allerweë beskou as een van ons belangrikste toneelskrywers. Haar werk het ’n enorme impak op die Suid-Afrikaanse toneel gehad sedert haar debuut met *Diepe grond* in 1985. Plaaslik is sy een van die mees bekroonde dramaturge en haar werk word ook internasionaal hoog aangeslaan. Haar jare lange kollega Marthinus Basson en die geselskap praat oor dié merkwaardige kunstenaar en vrou en oor die eerste opvoering in Afrikaans van *Breathing In*, vertaal as *Asem*.

Afrikaans

Gratis | 45 min. | SANW-ouditorium

Ná afloop van die vertoning op 12 April 10:00 (gesprek vanaf ongeveer 12:15)

Amper Famous

Gespreksleier: Danie Marais
Amper Famous maak geskiedenis as die eerste hip-hop-musiekspel in Afrikaans. Afrikaans het lank reeds van haar borstrok ontslae geraak en produksies in allerlei Afrikaanse dialekte en in verskillende genres getuig van ’n verruiming van ’n taal wat nog lank nie haar laaste sê gesê het nie. David Kramer, V.I.T.O. en die geselskap praat oor die ontwikkeling van dié opwindende produksie.

Afrikaans

Gratis | 45 min. | Gimsaal

Ná afloop van die vertoning op 9 April 16:00 (gesprek vanaf ongeveer 17:15)

Buite Land

Gespreksleier: Heike Gehring
Neil Coppen se drietalige produksie *Buite Land* is ’n werk wat oorspronklik ontwikkel is deur die Marktsteatistiging en die Royal Court in Engeland as *NewFoundLand*. Coppen en die geselskap praat oor dié aangrypende eietydse produksie se ontwikkeling en proses, en die onderliggende temas van liefde, seksualiteit en kulturele uitdagings tussen generasies.

Engels en Afrikaans

Gratis | 45 min. | Johnny Bisschoff-saal

Ná afloop van die vertoning op 13 April 14:30 (gesprek vanaf ongeveer 16:15)

Jason Jacobs

Gespreksleier: Amelda Brand
Jason Jacobs en die geselskappe van sy produksies gesels oor hul uitdagings en drome as jong teatermakers in die hedendaagse Suid-Afrika. Die skep van nuwe werk word belig, hoe die nuwe geslag die wêreld sien en waar hulle hulself binne ’n uitdagende samelewing plaas.

Afrikaans

Gratis | 45 min. | Laerskool Wesbanksaal

Ná afloop van *In wag van* op 10 April 14:00 (gesprek vanaf ongeveer 15:00)

Liewer

Gespreksleier: Marguerite Robinson
Die geselskap van *Liewer* praat oor die Suid-Afrikaanse teaterlandskap en die skep van nuwe werk en tekste wat binne ’n plaaslike konteks al hoe meer ’n universele stem ontwikkel. Hulle fokus op die generasie- en kulturele gapings, uitdagings en die gemeenskaplike terrein binne verhoudings wat tot ’n wyer gehoor spreek.

Afrikaans

Gratis | 45 min. | Laerskool van Reedesaal
Ná afloop van die vertoning op 9 April 09:00 (gesprek vanaf ongeveer 10:30)

VISUELE KUNSGESPREKKE EN RONDLEIDINGS

Aangebied deur dr. Paul Bayliss
’n Paneel van gaste en sprekers sluit daagliks by dr. Paul Bayliss, visuele kunskurator van die KKNK, aan om verskeie onderwerpe oor die visuele kunste op ’n interessante en insiggewende wyse te bespreek. Die gehoor is welkom om aan die gesprekke deel te neem. Elke gesprek word gevolg deur ’n Rondleiding deur die kunsuitstallings, gelei deur dr. Bayliss.

Afrikaans en Engels

Gratis | 45 min. | Prince Vintcent-gebou
8 April 12:00; 9 April 13:00; 10 April 12:00; 11 April 13:00; 12 April 12:00; 13 April 13:00; 14 April 12:00; 15 April 13:00

DIE BEITELTJIE

Aangebied deur RSG

Die vakmanskap van die dramaturg en letterkundige klink vanjaar weer op in die C.P. Nel-museum. Kom klink ’n glasië wyn en luister na bekroonde radiodramas uit die SAUK se klankargief. Skop jou skoene uit, sit agteroor en drink die woorde in van ons letterkundige reuse en verlustig jou in die drama, komedie en tragedie van die radioteater.

Amadeus deur Peter Shaffer

Radiodrama

Met André Rossouw, Marthinus Basson, Shirley Ellis, Paul Malberbe, Dawid Minnaar, Herman Pretorius, Pieter Bredenkamp en Johan Rademan

Vertaling: Nerina Ferreira

Antonio Salieri is die afgetrede hoofkomponis van keiser Josef II, maar nou sit hy in sy blyplek in Wene en besluit om iets te bely. Hy vertel van sy eerste ontmoeting met 'n ander komponis, Wolfgang Amadeus Mozart. Mozart was 'n wonderkind en van jongs af in aanvraag regoor Europa. Salieri, daarenteen, was 'n bra gemiddelde komponis en die tweestryd tussen hom en Mozart is iets wat nou nog by hom spook. Net voor sy finale belydenis speel die werklikheid hier reg voor hom af.

Gratis | 90 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

14 April 16:00

As ons twee eers getroud is deur Gerhard J. Beukes

Radiodrama

Met Trix Pienaar, Johan van Jaarsveld, Jan Ellis en Kitty Albertyn

Frans en Malie van der Merwe is op die vooraand van hulle silwer huweliksherdenking, maar beseft dan dat hulle nie 'n huweliksertifikaat het nie. Is hulle werklik getroud, of leef hulle al die jare in "sonde" saam? Die klein Kallie het boonop sy "dieretuin", bestaande uit 'n koggelmander, muis, spinnekop, padda en slang, in die voorkamer laat ontsnap. Wat is Oupa besig om uit sy broek te skud? En wat kruip oor die kussing? Midde hierdie konsternasie probeer Malie en haar twee dogters, Santjie en Annelise, om van Oupa ontslae te raak. Sal die weduwee, mevrou Bloom, die stuitige oupa uit hul pad én sake kry?

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

11 April 14:00

Dagboek van 'n wurm deur Martyn le Roux

Radiodrama

Met Lelia Etsebeth, Kaz McFadden, Paul Lückhoff, Elma Potgieter, David Louw, David James en Jacques Botes

Cassie Viljoen is 'n belowende jong liggaamsbouer wat die sportsoort gebruik om bo haar omstandighede uit te styg. Nie almal in haar familie ondersteun haar nie en sy het ook 'n ewige stryd om die buurt se skollie van haar lyf af te hou.

Gratis | 75 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

8 April 12:00

Dag van die reuse deur Pieter Pieterse

Radiodrama

Met Merlin Balie en Ansu Visser **Verwerking:** André Kotze

Dit handel oor 'n ontmoeting tussen 'n 19-jarige Portugese tienerseun wat hom midde-in die burgeroorlog in Mosambiek bevind. Hy is met 'n verlamde voet gebore en kan dus nie in die oorlog veg nie. Dan kom seek 'n wit meisie, wat 'n busramp daar naby oorleef het, kos in sy pa se huis in die oorlogsgebied. 'n Onwaarskynlike vriendskap ontstaan.

Gratis | 75 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

9 April 16:00

Dawid en Jonathan, Ditto en do en 'n Poort deur die koue deur Jan Spies

Radiodrama

Met Richard van der Westhuizen, Rina Nienaber, Lochner de Kock, Johny Klein en Christo Compion Die bobaasstorieverteller Jan Spies sou verlede jaar sy 80ste verjaardag gevier het. Sy aardse humor en kosbare stories bekoor steeds 'n nuwe geslag lesers. In opdrag van RSG het André Kotzé drie van Jan Spies se verhale vir die radio verwerk en vir die heel eerste keer sal Spies se werk as drama gehoor kan word.

Gratis | 55 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

13 April 12:00

Die eksentriekes deur Erica Harris

Radiodrama

Met Elzabé Zietsman, Louise Eksteen, Christine Voorendyk, Hannes Coetzee en Heidi Mollentze 'n Vereensaamde vrou in 'n ouetehuis en 'n jong, eksentrieke student, wat nie aanklank vind by haar medestudente nie, raak toevallig vriende en beïnvloed en begeester mekaar. Die Jong Skrywer-wenner in die RSG/Sanlam Radiodramaskryfkompetisie in 2015.

Gratis | 50 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

11 April 12:00

Die tikmasjien deur Pirow Bekker

Radiodrama

Met Robbie Wessels, Donovan Pietersen, Christine Voorendyk, Francois Stemmet, Anton Dekker en Antowan Nothling Met sy jongste radioteater probeer Pirow Bekker 'n verband lê tussen die tikmasjien en die waterboormasjien. Albei soek na water – die boormasjien regstreeks, die tikmasjien onregstreeks met die skep van lewe deur die woord. Water is immers lewe. Die liefde speel 'n prominente rol, veral die ontluikende liefde tussen twee jong mense. Maar die liefdesdraad kan ook verknoop raak en die boor- en tikmasjiene in wapens verander. 'n Veelfasettige drama waar die poëtiese inslag oorheers: 'n ode aan water.

Gratis | 65 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

9 April 12:00

Die wittebrood deur Riana Scheepers

Radiodrama

Met Anrich Herbst, Elma Postma, Archie Nhlapo, Marelize Engelbrecht, Nina Marais en Ivan Zimmerman Lucas en Klara is pas getroud. Lucas het die romantiese droom om sy bruid 'n ongerepte deel van Afrika te wys. Hy beplan hulle wittebroodbestemming as 'n verrassing vir haar, welwetende dat sy nie 'n natuurmens is nie en dat sy eintlik hou van gerieflike vakansies in

"beskaafde" plekke. Iets onverwags gebeur en hulle bevrage teken hul verhouding. Hulle leer ken hulself en mekaar, dalk vir die eerste keer. Dit is 'n nag wat sal bepaal of hul wittebrood ook die einde van hul huwelik is, of dalk 'n nuwe begin.

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

12 April 14:00

Die wittebrood 2 deur Riana Scheepers

Radiodrama

Met Anrich Herbst, Elma Postma en Archie Nhlapo Vir drie dae moet Lucas en Klara noodgedwonge in 'n omgewing vol hemelse skoonheid, maar terselfdertyd lewensgevaarlike omstandighede, probeer oorleef. In die tyd wat hulle wag op 'n moontlike reddingspoging, gestroop van enige denkbare gerief of kos, kom die verskille in hul persoonlikhede, asook elkeen se sterk- én swakpunte, dramaties na vore. Hulle bevrage teken hul verhouding en wonder of daar vir hulle 'n toekoms saam is. Die tradisionele geslagsrolle word omgekeer en hulle leer hulself en mekaar werklik ken. Dit is 'n tydperk wat bepaal of hierdie trauma die einde van hul huwelik beteken, of dalk 'n nuwe begin.

Gratis | 65 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum

12 April 16:00

Engel met 'n hamer deur Joey van Niekerk

Radiodrama

Met André Weideman, Cintaine Schutte, Juanita Swanepoel, Johann Nel, Susanne Beyers, Deon Lotz, Johann Stassen, Ronél Geldenhuys en Pieter Cillie 'n RSG Kunstefees 2016-opdragwerk oor die lewe van Beyers Naudé, wat in 1993 vir die Nobelprys vir vrede benoem is. Naudé het 14 eredoktorsgrade in sy leeftyd ontvang, asook onder meer die Franklin D. Roosevelt Four Freedoms Award in die VSA. Hierdie geskiedkundige drama handel oor die lewe van die dominee, teoloog en anti-apartheidsaktivis Beyers Naudé, ook bekend as oom Bey. Dit is die storie

van iemand wat die moed gehad het om te sê: “Tot hertoe en nie verder nie. Ek mag nie langer stilbly en niks doen nie.” Tussendeur die onstuimige gebeure vertel die bekroonde radiodramaturg Joey van Niekerk ’n aangrypende liefdesverhaal. Bowenal is dit ’n drama oor geloof en hoop.
Gratis | 90 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
14 April 14:00

Genade deur Marita van der Vyver
Radiodrama

Met June van Merch, Charlton George en Marvin-Lee Beukes
Kas Stuurman is ’n afgetrede koerantman en lief vir woordspeletjies, wyn, blokkiesraaisels en sy vrou. Door Stuurman is ’n afgetrede Afrikaans-onderwyseres en lief vir lees, reis, dans en haar man. Hul seun, Vic, woon in Kalifornië en is ver van sy geliefde ouers wanneer hul lewens stadig maar seker begin verbroekel weens Door se stadige agteruitgang. Tweede prys in die RSG/Sanlam Radiodrama-skrifkomspele in 2015.
Gratis | 65 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
9 April 14:00

Judas van Kériot deur Joey van Niekerk
Radiodrama

Met Anrich Herbst, Martin Jansen, Shemane Harris, Duncan Johnson, André Stolz, Marcel Schoeman, Lochner de Kock en Cobus Visser
Daar word aangeneem dat Judas van die uitverkiesing af bestem was om Jesus te verrai, maar wat het hom so ver gedryf? Was dit sy vader, die Sadduseër en ryk geldwisselaar, se teenkanting teen Jesus, of was dit sy eie teleurstelling in die Meester wat hy eers met soveel verwagting gevolg het? Wenner van die RSG/Cordis Christelike Radiodrama-skrifkomspele in 2015.
Gratis | 55 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
14 April 12:00

Lewe na die noot deur Wilken Calitz
Radiodrama

Met André Terblanche, Marlo Minnaar, Frieda van den Heever, Leon Kruger, Martelize Brink, De Klerk Oelofse en Hannah Borthwick
’n Sukkelende, jong opkomende sanger wat eers teologie studeer het, kom as gevolg van sy seksuele voorkeure in konflik met die kerk se gay-beleid. Sy lewensmaat word gediagnoseer met kanker en hulle het dringend geld nodig vir die behandeling. Hiervoor is hy bereid om buite die boks te dink en sy eie dood te vervals om post mortem-tantiëme vir ’n lied te ontvang, wat dan aan sy geliefde vir sy mediese behandeling kan gaan.
Gratis | 75 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
13 April 14:00

Littekens deur Karien Polley
Radiodrama

Met Joanie Combrink, Leon Kruger, Ronél Geldenhuys, Amor Tredoux, De Klerk Oelofse en Cintaine Schutte
Langs Coetzenburg het nie net ’n waterstroom gevloei nie, maar #SteveBiko is tragies dood in 1976 en die #lawstudente en #dramastudente het #gerebel. Van hulle het onder #StilleWaters die #Duiwels laat ronddraai. ’n Storie van #spioene vir én teen #veiligheidspolisie wat bedrywig was en #liefde omgeskakel het in #verraad en #verwyf.
Gratis | 100 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
8 April 16:00

Nag van die wyses deur Zenobia Kock
Radiodrama

Met Juanita Swanepoel, Johann Nel, Pierre Nelson, Kim Heyns, Chris Majiedt, Zenobia Kloppers, Dean Balie en Sizwe Msutu
’n Wanaangepaste oujongnoot (wat sommige simptome van Asperger se sindroom toon) beloof die wêreld van ’n afstand. Dan gebeur iets wat haar buitengewoon laat optree en almal rondom haar verstom. Dis ’n soort Kersverhaal met

heelwat kinkels en onthullings. Derde prys in die RSG/Sanlam Radiodrama-skrifkomspele in 2015.
Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
10 April 14:00

’n Oulap se rooi deur Audrey Blignault
Met Woutrine Theron
Radiodrama

Woutrine Theron het hierdie produksie ter viering van die geliefde rubrieksrywer Audrey Blignault se 100ste verjaardag saamgestel. Theron vertolk die rol van Blignault in ’n radiodrama oor die kleurvolle vrou van Bredasdorp. ’n Kragtoer-vertolking.
Gratis | 70 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
15 April 12:00

Pous Johanna II deur Esther Vilar
Met Jana Cilliers **Vertaling:** Saartjie Botha
Radiodrama

Dit is die jaar 2033 en ’n Amerikaner – die dogter van ’n prostituut wat in ’n krotbuurt in Los Angeles gewoon het – word as pous verkies. Egskeiding, geboortebepoering en homoseksualiteit is toelaatbaar en Katolieke priesters mag trou. Daar is geen dogma, doodsondes of gebede nie. Al die Katolieke Kerk se geld is onder die armes verdeel. En nou lewer Pous Johanna II haar inhuldigingstoetspraak as regstreekse uitsending, al word sy kort-kort deur advertensies onderbreek. Die aktrise Jana Cilliers lewer ’n kragtoer in hierdie omstrede solostuk oor geloof en godsdiens in die moderne wêreld.
Gratis | 80 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
15 April 14:00

Ragel deur Fanie Viljoen
Radiodrama

Met Cobus Venter, Karen Wessels, Isadora Verwey en Jacques Botes
Luan Loots hou daarvan om ander mense se weggooigoed by pandjieswinkels te koop. Hy

beplan om alles te verkoop wanneer hy aftree, om vir hom en sy vrou te sorg vir hul oudag. Dan kom hy op iets af wat hy dalk liewers op die winkelrak moes gelos het, want vandat hierdie ding in sy huis staan, gebeur daar vreemde goed – soms sommer helder oordag. ’n Regte, egte spookstorie wat jou hare gaan laat rys, losweg op die waarheid gegrond.
Gratis | 50 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
10 April 12:00

Regstreekse uitsending van Vers en Klank
Met Paul Eilers en Gerswin Mias **Onder leiding van:** Johan Rademan (poësie en musiek)
Gratis | 50 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
11 April 21:10

Regstreekse uitsending van Vers en Klank
Met June van Merch en Deon Meiring **Onder leiding van:** Johan Rademan (poësie en musiek)
Gratis | 50 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
13 April 21:10

Reisiger na Kimberley deur Dolf van Niekerk
Radiodrama
Met Stian Bam, Roeline Daneel, Deon Lotz, Ivan Abrahams en Nic de Jager
Karen is ’n aktrise en geniet die wêreld van voetligte en applous. Haar man, Johan, bevind hom in die sfeer van die landbou en die wetenskap. Totdat hulle besef dat hul huwelik nie meer is wat dit was nie. In die middel hiervan is hul talentvolle veertienjarige dogter, Annelie. Hoe moet sy sin maak van die skielike nuus dat haar ouers se paadjies gaan skei? Intussen word Karen gekonfronteer met die keuses wat sy voorheen in haar lewe gemaak het.
Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
12 April 12:00

Sarah deur Karien Polley
Radiodrama

Met June van Merch en Marcel van Heerden Sarah Baartman van die Gamtoos in die Oos-Kaap moes in die negentiende eeu in Europa as 'n frats paradeer. Nou, vir die eerste keer, word die grense van radiodrama en dokumentêr oorgesteek in hierdie opdragwerk. Dit is laataand wanneer Sarah en die man langs die vuur mekaar in die oë moet kyk en die waarheid ontbloot word.

Gratis | 80 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
13 April 16:00

Siembamba deur Marion Erskine
Radiodrama

Met Pearl Martin, Gretha Brazelle, André Stolz, Eloise Cupido en Duncan Johnson Elri is Bertus en Rentia se enigste kind en haar pa se oogappel. Hy sal enigiets vir haar doen, maar dit gaan nie goed tussen Bertus en Rentia nie en vir Rentia is dit moeilik om te aanvaar dat hul huwelik op die rotse is.

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
11 April 16:00

Twaalfde nag deur William Shakespeare
Radiodrama

Met Duncan Johnson, Eloise Cupido, Mari Molefe van Heerden, Denver Vraagom, Simon Bruinders, Esmeralda Bihl, Johny Klein en Bradley Olivier
Vertaling: Uys Krige in 1964

Die hooftema is tydloos: Romantiese liefde met al die vreugde, humor, pyn en verwarring wat dit kenmerk. Die eerste reël het reeds wêreldwyd beroemd geword met hertog Orsino wat uitroep: "If music be the food of love, play on: give me excess of it." Of soos Uys Krige dit vertaal het: "As dan musiek die liefde voed, hou aan met speel, gee my te veel." Dié romantiese komedie vermaak, ontstig en boei met sy seksuele innuendo's en politieke inkorrektheid. Dis net so relevant vandag as toe William Shakespeare dit 400 jaar gelede geskryf het.

Gratis | 75 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
10 April 16:00

Vergifnis deur Charles J. Fourie
Radiodrama

Met Amor Tredoux, Jarrid Geduld, Charl van Heyningen, Roelien Daneel, Zenobia Kloppers, Wessel Pretorius en Leandé Valentyn Muriel, 'n ouerige vrou, kom woon op Touwsrivier. 'n Jong werker help haar in die tuin en steel haar beursie, omdat hy ook graag iets luuks en lekkers by die vulstasie wou gaan koop om te eet. Hy bestee 'n nag in die tronk en Muriel trek die saak van diefstal teen hom terug, mits... Wie is dié eksentriek vrou en hoekom het sy op Touwsrivier kom aftree? Wenner van die RSG/Sanlam Radiodrama-skrifkompetisie in 2015.

Gratis | 60 min. | N.A. Smitkamer, C.P. Nel-museum
8 April 14:00

KLEIN KAROO ERVARINGS

BOSSAFARI-WYN-EN-TAPPASTOER

Aangebied deur: Buffelsdrift Game Lodge 'n Wyn-en-tapas-avontuur na drie verskillende uitkykpunte waar gepaste wyn van die omgewing saam met heerlike tapas bedien word. Gaste kan verwag om van die 22 spesies diere op die landgoed te sien.

Afrikaans en Engels • Geen o/18 (geen wyn word aan o/18's bedien nie)
R295 | 180 min. | Buffelsdrift Game Lodge
Daaglik 15:00

SPESIALE EETERVARINGS

Beleef spesiale eetervarings met Evita Bezuidenhout, Hermann Giliomee, Peter Veldsman en Abraham de Vries. 'n Spesiale geleentheid word ter nagedagtenis aan Jans Rautenbach, wat in November 2016 oorlede is, aangebied. Die etes vind plaas by Signature

Divine, net buite Oudtshoorn. 'n Kontantkroeg is beskikbaar.

Aan tafel met Evita Bezuidenhout

Evita Bezuidenhout is met 'n staatsbesoek op Oudtshoorn. Sy onthaal gaste met van haar gesogte disse en unieke gasvryheid en gesels oor dinge wat haar na aan die hart lê. Evita vertel oor die spyskaart: "Vir voorgereg, 'n uie-en-tapenade-tertjie, spesiaal uit die Karoo naby Calitzdorp op my vriendin Hannelie se plaas. Die perfekte begin vir enige droom-maaltyd. (Geliefkoosde keuse van president Robert Mugabe en die koningin van Holland). Vir hoofgereg word 'n volstruisfillet bedien, want wie kan hier sit om die draai van die Kango-grotte en nie smul aan die unieke smaak van die lekkerste deel van die grootste voël in Afrika nie? Hulle sê die vere maak die voël? Proe weer! (Geliefkoosde keuse van dr. Henry Kissinger en Boris Johnson). En vir nagereg, my pruimtert, ook uit die boorde van die Klein Karoo, 'n tert met hart! (Geliefkoosde keuse van Prinses Anne en Angelina Jolie)." Die ete word aangebied ten bate van die Darling Trust.

R285 | 120 min. | Signature Divine
10 April 18:30

Aan tafel met Peter Veldsman: 'n 75ste verjaarsdagviering

Peter Veldsman, 'n boorling van die Klein Karoo, is 'n kospionier wat Afrikaanse mense geleer het om fynproewers te wees. Hy het van streekskos fynkos gemaak en dit in sy legendariese restaurant, Emily's, met sjarme voorgesit. Peter dis net so graag stories oor sy kleurrike lewe op. Kom vier sy 75ste verjaardag saam met hom en deel in dit waarvan sy hart vol is. Die ete begin met 'n terrien van geveerdes en 'n yskoue komkommer-roomsop as tussengereg. Hoofgereg is 'n *noisette* van lamsvleis, skud-braai aartappels en ratatouille. Vir nagereg appelkoos kaaskoek. 'n Kontantkroeg is beskikbaar.

R285 | 120 min. | Signature Divine
11 April 18:30

Aan tafel met Abraham H. de Vries: 'n 80ste verjaarsdagviering

'n Plek is veel meer as 'n kolletjie op 'n kaart, maar dit kom eers tot volle lewe as die stories van sy mense vertel word. En dit is wat Abraham H. de Vries vir Ladismith in die Klein Karoo gedoen het. Die Winkelplaas van sy jeug het hy omskep in 'n onuitputlike storiwinkel. Kom vier Braam se 80ste verjaardag saam met hom en hang aan die lippe van hierdie besondere storieverteller. Vir voorgereg word geroosterde garnale bedien, 'n smullekker beesstert met kapokaartappels en pampoenkoekies is die hoofgereg en om mee af te sluit, heerlike roomystiramisu. 'n Kontantkroeg is beskikbaar.

R285 | 120 min. | Signature Divine
12 April 18:30

Aan tafel met Prof. Hermann Giliomee: 'n Huldigingsete

Hermann Giliomee is 'n aktuele historikus. Sy grondige kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis maak van hom 'n geloofwaardige aktivis vir Afrikaans. Met sy boek *Die Afrikaners* het hy die standaardwerk oor hierdie wit stam van Afrika gelewer. Kom luister hoe hy vertel van die interessante kinkels wat sy lewe gemaak het as professor by die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad, asook in die buiteland. Die ete begin met bobotie *spring rolls*, gevolg deur karoollamptjops bedien met gebraaide aartappels en geroosterde pampoen en 'n heerlike pavlova met roomys en vars vrugte vir nagereg. 'n Kontantkroeg is beskikbaar.

R285 | 120 min. | Signature Divine
13 April 18:30

'n Feesmaal vir Oom Jans

Jans Rautenbach, wat aan die einde van verlede jaar oorlede is, was een van die stigterslede van die KKNK. Die Karoo en sy mense en die kunste het hom baie na aan die hart gelê. Deel in 'n aand waar goeie kennisde gesels oor dié merkwaardige man en kom klink 'n glasie ter nagedagtenis aan Oom Jans. Vir voorgereg 'n kiestand ertesop met

hoofgereg van lam-rugstring, skywe soetpatats, slaphakskeentjies en 'n baba beetslaai. Nagereg is vars gebakte plaasbrood met plaasbotter en groenvye en 'n knertsie witblits om mee af te sluit. 'n Kontantkroeg is beskikbaar.

R285 | 120 min. | Signature Divine
14 April 18:30

HISTORIESE WANDELTOER

Aangebied deur: Vriende van die C.P. Nel-museum

Sien 'n keur van Oudtshoorn se historiese geboue op 'n ontspanne wandeltoeg en kry 'n interessante oorsig van die dorp se argitektoniese erfenis, asook die area se Khoisan-erfenis. Maklike staproete. Kopbedekking noodsaaklik.

Afrikaans en Engels • Gesin

R80 | 150 min. | Vanaf St. Jude's Anglikaanse kerk

10 April 08:30; 11 April 08:30; 12 April 08:30; 13 April 08:30

OLIFANT ONTBYT

Aangebied deur: Buffelsdrift Game Lodge

Kom geniet 'n wonderlike ervaring en vars Karoo-ontbyt saam met die grootvoete Malaika, Bulelo en Jabari. Word meegevoer deur die aangrypende verhaal van drie wees-Afrika-olifante wat 'n gelukkige tuiste by Buffelsdrift Game Lodge gevind het. Persoonlike interaksie met die olifante en hope fotogeleenthede is deel van die ervaring.

Afrikaans • OB

R295 | 60 min. | Buffelsdrift Game Lodge
Daaglik 10:00

SWARTBERG ECO- EN ERFENISERVARING

Aangebied deur: Wilgewandel Vakansieplaas
Begin jou feesdag met 'n unieke Swartberg-ervaring. 'n Geregistreerde gids neem jou op 'n natuurhistoriese en geologiese ontdekkingsreis op die Klein Karoo se mees unieke natuurkoon en Unesco-wêrelderfenisterrein, die Swartbergpas. Begin met 'n heerlike Klein Karoo-ontbyt by Wilgewandel Vakansieplaas, waar kinders wat nie wil saamtoer nie by 'n kinderoppasser kan bly teen

'n koste van R50. Vervoer word verskaf vanaf Wilgewandel.

Afrikaans en Engels • Gesin

R390 | 210 min. | Wilgewandel

Daaglik 09:00

TOETS JOU (VOERTUIG SE) TEKKIES

4x2 dagtoer

Aangebied deur: Weg! en WegRy!, in

samewerking met Mpafa en Bhejane
Bring jou voertuig en verken die Klein Karoo saam met Mpafa en Bhejane. Die Swartbergkronkels-uitstappie is vir 4x2-voertuie met 'n goeie grondvryhoogte. Julle volg die grondpad al langs die suidelike hange van die Swartberg van Calitzdorp af, met die Groenfonteinpad en tot by die teerpad naby die Kango-grotte.

Bespreek by info@mpafa.com. Rig navrae aan 044 535 0065 of info@mpafa.com.

R280 per persoon | R100 vir kinders o/16 |

Piekniekmiddagete en gebottelde water ingesluit

390 min. | Ontmoet by die Bella de Karoo-padstal langs die R62, sowat 28 km wes van Oudtshoorn op pad na Calitzdorp

9 April 08:30

VELSKOEN SHUFFLE – ERFENISWANDELING

Aangebied deur: Potskerf Inheemse Kennis en Erfenis Navorsingsentrum

'n Erfenisroete van 2,8 km wat agt erfenispersele insluit en by die Klippie Teater in Voortrekkerweg eindig. Stories wat op die roete vertel word, gee insig in die lewenstrategie wat aangepak is om die groot ekonomiese ineenstorting van die volstruisveerbedryf te oorkom en om dit 'n spreekwoordelike velskoen-gatskop te gee. Al die sosiale groepe van Velskoendorp het 'n bydrae gelewer om die dorp te bou tot waar dit vandag is. Pruintabak-, brandewyn- en lusernsmokkelary en 'n interkerklike kompetisie om die eerste Sandsteen-kerkgebou op te rig, is maar 'n paar van die skinderstories wat jy hiër gaan hoor.

Afrikaans en Engels • Gesin

R75 | 90 min. | Vanaf Oudtshoorn

Toerismekantoor

Daaglik 16:00

WEIRD AND WONDERFUL WINE PAIRING

Aangebied deur: Cango Caves Estate

Cango Caves Estate en Painted Wolf Wines span saam om 'n unieke ervaring tydens die KKNK aan te bied. Proe vyf verskillende wyne met vyf heerlike happies. Moenie gewone happies verwag nie, hierdie kombinasies is 'n groot verrassing en *weird and wonderful*. Painted Wolf Wines is baie betrokke by die bewaring van die Afrika-wildehonde. Kom geniet 'n heerlike glas wyn, unieke happies en ondersteun sodoende 'n hoogsbedreigde spesie.

Afrikaans en Engels • Geen o/18

R100 | 30 min. | Cango Caves Estate

8 tot 14 April 10:00; 11:00; 14:00; 15:00; 16:00

ZIPLINE

Die Cango Caves Estate se splinternuwe *zipline* is die perfekte aktiviteit vir adrenaliënverslaafdes. Die *zipline* bestaan uit twee dele en is in totaal 680 m lank. Begin by die Kango-grotte en eindig by die pragtige Cango Caves Estate.

Afrikaans en Engels • Geen o/7

R295 | 30 min. | Cango Caves Estate

Daaglik tussen 09:00 en 16:00